

# KERKGESKIEDENIS

– in 30 lesse –

*Prof. dr. V.E. d'Assonville*

(Teologiese Skool Potchefstroom en  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys)

## **VOORWOORD BY DIE EERSTE UITGAWE**

Hierdie kerkgeskiedenisboek is bedoel as 'n hulp vir katkisasie in gemeentes binne die kerkverband van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit hoef nie ander boeke te vervang nie.

Slegs dertig kort lesse! Die bedoeling is dat die katkisant onder leiding van die predikant of onderwyser (met hulle meerdere kennis) die hele oorsig van die kerkgeskiedenis gerieflik in een jaar kan bemeester. Hier is geen aanspraak op volledigheid nie, maar die hooflyne word aangedui.

Die marsroete van die kerk, die uitstaande padwysers en bakens, is hopelik duidelik – juis vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

**V.E. d'Assonville**  
Potchefstroom  
Junie 1980

## **VOORWOORD BY DIE TWEDE UITGAWE**

Sedert die eerste verskyning 35 jaar gelede van hierdie beknopte oorsig oor die kerkgeskiedenis het die navraag bo verwagting bly voortduur. Vier drukke het verskyn tot in die vroeë 1990's – elk met 'n oplaag van 'n hele paar duisend. Met dié dat daardie drukke van die eerste uitgawe reeds 'n geruime tyd uitverkoop is, het die toenemende aandrag en versoeke uit gemeentes die afgelope jare vir 'n tweede uitgawe ons daartoe genoop om weer na die inhoud te kyk. Verskillende aspekte is oorweeg, byvoorbeeld of die aanvanklike konsep verander moet word

en of nuwe temas bygewerk behoort te word. Uiteindelik is geoordeel om by die vroeëre resep en indeling van die dertig lesse te bly, met een uitsondering, naamlik die toevoeging oor die erediens aan die einde. Hierdie byvoeging het voortgekom uit 'n groeiende besef van die deurslaggewende rol wat liturgiese aspekte deur die eeue heen, sedert die Vroeë Kerk en veral ook die Reformasie, in die kerkgeskiedenis gespeel het.

Verder is daar merendeels by die oorspronklike inhoud gebly, met die uitsondering van 'n aantal (geringe) veranderings ten opsigte van formulering en spelling sowel as 'n aantal (klein) inhoudelike verbeterings. Wanneer 'n naam in Afrikaans geyk is, soos by Calvin, is die spelling gelaat soos in die eerste uitgawe. In ander gevalle is afgesien van die navolging van vroeëre Nederlandse skryfwyses en liewers aansluiting gevind by die oorspronklike. So is daar byvoorbeeld in hierdie tweede uitgawe nie meer sprake van Maartin Luther of Maartin Bucer nie, maar van Martin Luther en Martin Bucer, volgens die standaardspelling in Duits; ook by Wyclif word teruggeval op die huidige, mees algemene spelling in die Engelse vakwêreld – om enkele voorbeelde te noem.

Die oorsig sluit steeds in 1980 af, omdat geoordeel is dat dit juis vir die indeling van die dertig lesse sinvol is. Feite wat agterhaal is, byvoorbeeld ten opsigte van internasionale verhoudinge met ander kerke, is egter aangepas. Die gedagte is immers nie dat 'n handleiding soos hierdie die rol van die primêre kategeet, meestal die bedienaar van die Woord, moet vervang nie.

**Victor E. d'Assonville**

Duitsland

November 2015

# INHOUD

Voorwoord by die eerste uitgawe	3
Voorwoord by die tweede uitgawe	3
<b>Deel 1</b>	<b>7</b>
1 Kerk en kerkgeskiedenis	9
2 Die eerste eeu	13
3 Van martelaarskerk tot staatskerk	18
4 Dwalinge en ketters	22
5 Die stryd om Christus – die fondament van die kerk	26
6 Die kerk onder die pous	31
7 Die monster uit die woestyn – die Islam	35
8 Skeuring tussen Oosterse en Westerse Kerk	38
9 Die grootste dwalings van die Roomse Kerk	41
10 Enkele fakkels in die donker nag	45
11 Die groot Hervorming	49
12 Die groot Hervorming (vervolg)	54
13 Die vyande van die Hervorming	61
14 Die groot Sinode van Dordrecht 1618-1619	64
15 Verval van die Gereformeerde Kerk ná Dordt	68
16 Die Afskeiding van 1834	73
17 Die Doleansie 1886	77

<b>Deel 2: Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis</b>	<b>81</b>
18 Die kerk in Afrika	83
19 Die Gereformeerde kerk vanuit Nederland gevestig	86
20 Uitbreiding tot 1800	89
21 Deformasie van die kerk tot 1800	92
22 Verdere deformasie – De Mist	95
23 Die kerk onder Britse bewind	98
24 Die verset van die “Doppers”	101
25 Die Voortrekkers se kerk	104
26 Die Hervormde kerk te Rustenburg 1858	108
27 Die Gereformeerde kerk te Rustenburg 1859	111
28 Uitbreiding van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	115
29 Die Gereformeerde Kerke en die buiteland	119
30 Die Gereformeerde Kerke en die sending	123
Die Gereformeerde Kerke en die erediens	128
Naam- en saakregister	131

# DEEL 1

## 1 KERK EN KERKESKIEDENIS

### Wat is die kerk?

Die woord *kerk* kom van ’n Griekse woord “kuriakos” (= wat aan die Here behoort). In die Nuwe Testament is die oorspronklike woord vir *kerk* die woord “ekklesia”. Dit beteken *vergadering* of *gemeente*. *Kerk* en *gemeente* beteken een en dieselfde.

Nou kan ons op twee maniere aan die kerk dink:

1. Dit is die vergadering van *alle gelowiges* in *alle tye* op *alle plekke*. Dit word ook genoem die *algemene* of *katolieke* kerk.

Let wel: katoliek = algemeen.

Hierdie algemene kerk word in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (NGB) soos volg beskryf:

Dit is *een algemene* kerk.

Dit is ’n heilige vergadering van *almal wat waarlik in Christus glo*.

Dit is ’n heilige vergadering van hulle *wat hulle saligheid in Jesus Christus* verwag.

Dit is ’n heilige vergadering van hulle *wat gewas is deur die bloed* van Jesus Christus.

Dit is ’n heilige vergadering van hulle *wat geheilig en verseël is deur die Heilige Gees*.

Hierdie kerk was daar *van die begin van die wêreld af* en sal daar wees *tot aan die einde toe*.

(Lees NGB, artikel 27.)

2. Die vergadering van gelowiges *op 'n bepaalde plek* in 'n sekere tyd in die geskiedenis. Ons kan dit ook 'n *gemeente* noem, byvoorbeeld die gemeente of kerk van Korinthe of Efese of watter plek ook al. So praat ons dan van die plaaslike kerk. Dit is nie 'n ander kerk nie, maar dit is die sigbare verskyning van die een kerk van Jesus Christus. Hierdie *plaaslike kerk* is *selfstandig* en is nie maar 'n onderdeel van 'n organisasie wat oor hom moet heers nie.

## **Wie is dan die enigste hoof van die kerk?**

Met die Gereformeerde Belydenis (NGB, art. 31) bely ons baie duidelik: “*Jesus Christus* is die enigste algemene Opsier en die *enigste Hoof* van die Kerk”. (Vgl. Ef. 1:22, 4:15, 5:23, Kol. 1:18.)

In die kerk gaan dit nie ten eerste om die mens nie, maar om GOD, God in Jesus Christus. Hy is die handelende Persoon wat alle aktiwiteite van die kerk begin en deurvoer; daarvoor gebruik Hy mense en skakel Hy hulle in. Hierdie innige verbondenheid van Christus met sy gemeente word dikwels in die Bybel met *beeldspraak* verduidelik:

Hy is die Hoof waarvan sy gemeente die *liggaam* is.

Hy is die Herder en sy kerk die *kudde*.

Hy is die Bruidegom en sy kerk die *bruid*.

Hy is die Koning en die kerk sy *volk*.

Hy is die Hoeksteen waarvan sy gemeente die *gebou* is, ens.

## **Wat is kerkgeskiedenis**

As ons Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus lees, sal ons dit mooi verstaan. Daar lees ons dat Jesus Christus vir Hom 'n gemeente (kerk)

*vergader* ...

uit die ganse menslike geslag ...

hulle wat tot die ewige lewe uitverkies is ...

En Hy *vergader* hierdie uitverkorenes ...

deur sy Gees en *Woord* ...

in die eenheid van die ware geloof ...

Hy *doen* dit ...

*van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe ...* (= dwarsdeur die geskiedenis)

Kerkgeskiedenis is wat Jesus Christus met sy kerk doen in die geskiedenis ... dat Hy sy kerk *vergader* en *beskerm* en *onderhou*.


Maar dit het ook alles met die kerkmense, die gelowiges te doen – juis die kerklidmate se doen en late, hulle gehoorsaamheid aan Christus se Woord of hulle ontrouheid, hulle ywer of hulle liefdeloosheid.

So vertel die kerkgeskiedenis dit wat langs hierdie pad van Christus se vergaderingwerk gebeur het. Natuurlik is dit onmoontlik om alles te vertel – alleen God weet presies alles – maar ons kan darem die hooflyne volg.

### **Vrae:**

1. Wat beteken die woord kerk?
2. Wat word bedoel met algemene kerk?
3. Wat beteken die woord katoliek?
4. Wat verstaan jy onder plaaslike kerk?
5. Wie is die Hoof van die kerk?
6. Waarmee vergader Christus sy kerk?
7. Wat is Kerkgeskiedenis?





*Die Romeinse Ryk tweede tot vierde eeu n.C.*

## 2 DIE EERSTE EEU

### **Wanneer begin die kerkgeskiedenis?**

“Van die begin van die wêreld af ...” sê ons belydenis.

Ook die Ou-Testamentiese Kerk het ’n geskiedenis. Dit word alles vir ons in die Bybel beskryf.

Maar die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese Kerk wat begin in die Nuwe Testament, word vandag nog voortgesit ... “tot aan die einde van die dae”.

Die eintlike datum vir die begin is Pinksterdag met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2). Dan kom die eerste christelike gemeente in Jerusalem tot stand. So vind ons die begin van die kerkgeskiedenis in die boek Handelinge.

### **Hoe lyk die wêreld waarin die kerkgeskiedenis begin?**

Daar was *een groot wêreldryk* naamlik die *Romeinse Ryk*.

Hierdie ryk het hoofsaaklik al die lande rondom die Middellandse See beslaan en het van die Atlantiese Oseaan in die weste tot ongeveer by die Eufraatrivier in die ooste gestrek; van Noord-Afrika in die suide tot ongeveer die Ryn- en Donouriviere in die noorde. Die hoofstad was Rome en daarvandaan het die keiser saam met ’n senaat hierdie magtige ryk geregeer. (Kyk na die landkaart.)

Dit het *voordele* vir die kerk gehad:

Die apostels en sendelinge kon maklik van een land na die ander reis, so te sê “met dieselfde paspoort”.

Daar was een regstelsel met een burgerskap (Romeinse) waardeur vervolgte christene dikwels ’n meer redelike en billike verhoor kon kry.

Daar was een amptelike internasionale taal in die oostelike deel van die Ryk, naamlik Grieks (met Latyn weer in die westelike deel) waardeur die Evangelie makliker versprei kon word – almal het verstaan.

Paaie en verkeersverbindings was baie goed vir daardie tyd (Romeinse ingenieurs) sodat dit ook die moontlikhede om te reis en daarmee die kerk se uitbreiding vergemaklik het.

## **Die heidense godsdiens**

Dit was die grootste struikelblok vir die kerk.

Dit was ’n *veelgodedom* en baie keer is dit vermeng met ou Oosterse godsdiens. Verder is ook die *keiser aanbid*; daar is boonop tempels vir hom opgerig. Die Romeinse keiser is selfs aanbid met name soos “Heiland”, “Verlosser” en “Seun van God”. ’n Botsing tussen die Christelike kerk en die Romeinse staat was dus onvermydelik.

## **Die Griekse filosofie**

Die ou heidense wysbegeerte het ’n geweldige sterk ingewortelde invloed op die mense se godsdienslike denke gehad. Verskillende strominge het hulle beetgeneem en die toegang van die Evangelie versper. Ook hier was die botsing tussen kerk en wêreld onvermydelik. Paulus ontmoet byvoorbeeld die *Epikuriërs* en *Stoïsyne* in Athene (Hand. 17:18) en voortdurend sal die kerk met hierdie heidense denke te doen kry.

## **Maar wat van die Jode?**

Onder hulle vind ons veral *twee groepe*, naamlik die wat in *Palestina* woon en hulle wat buite hulle vaderland in die “verstrooiing” (ook

genoem *diaspora*) woon. Eersgenoemdes word in hulle godsdiens beheers deur die partye van die *Fariseërs* (= afgesonderdes, wetsonderhouders wat Jesus as die Christus verwerp), die *Saduseërs* (priesterlike aristokrasie wat die opstanding en engele verwerp, asook Jesus as die Christus), die *Selote* (politiese, fanatieke rewolusionêre versetbeweging teen Romeinse Owerheid), *Esseners*, ens.

Die *Jode in verstrooiing* in baie stede en dorpe (in Alexandrië byvoorbeeld 40% van die bevolking) met hulle sinagoges was die aanknopingspunte vir die Evangelie. Daarby het hulle ook 'n Griekse vertaling van die Ou Testament (*Septuaginta*) gelewer wat 'n enorme bate vir die kerk was. Hierdie vertaling was die “Skryfte” (Ou Testament) waaruit die apostels aangehaal het. Maar juis ook die Jode was dikwels die bitterste vyande van die kerk.

## **Die boek Handeling**

Die boek Handeling bied aan ons die geskiedenis van die kerk, “van Jerusalem na Rome”.

Dit is Jesus Christus se offensief met sy apostels. “Julle sal My getuies wees in Jerusalem ... tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8). Dit is die opmars van die kerk deur die wêreld waardeur Jesus met sy Woord die uitverkorenes *vergader*..

En die opmars gaan vandag nog voort ... tot aan die uiterste van die aarde.

Teen die jaar 100 het hierdie kerk reeds ver gevorder. In byna alle lande rondom die Middellandse See bestaan daar alreeds bloeiende gemeentes – feitlik oor die hele Midde-Ooste, in Griekeland, in Italië, in Suid-Frankryk, in Spanje en in Noord-Afrika. In die grootste wêreldstede is die Naam van Jesus Christus alreeds gepreek: in Athene, Rome en Karthago, in Alexandrië ...

## Vrae:

1. Wanneer begin die kerkgeskiedenis?
2. Waar begin die kerkgeskiedenis van die Nuwe Testament?
3. Watter groot wêreldryk het in die eerste eeu bestaan en wat was die voordele vir die kerk?
4. Wat was die bestaande godsdiens(-te) in hierdie ryk?
5. Watter filosofie was beheersend? Noem twee stromings wat in die Bybel genoem word?
6. Wat was die toestand van die Jode?
7. Wat is die Septuaginta en wat was die betekenis daarvan vir die kerk?
8. Hoe lyk die groei van die kerk teen die jaar 100?



*Keiser Augustus wat met die geboorte van Jesus oor die Romeinse Ryk geregeer het.*

### 3 VAN MARTELAARSKERK TOT STAATSKERK

Jesus se opdrag was: “Julle sal my getuies wees ...” (Hand. 1:8). Die woord getuie in die Nuwe Testament het later ook die betekenis *martelaar* verkry. En so het die *Pinksterkerk* wat met die vuur van die Heilige Gees die Woord van Christus gepreek het, die *martelaarskerk* geword. Vir bykans drie eeue sien ons die *bloedgetuies* wat sterf ter wille van Christus.

Maar so word die *bloed* van die martelare die *saad* van die kerk.

#### **Vervolging onder die Jode**

Dit is pynlik dat die kerk in sy eerste bestaansjare die meeste onder die Jode gely het – juis onder hulle wat die naaste aan die christene moes staan.

In ongeveer 35 word die diaken Stefanus gestenig.

Petrus en Johannes word in die tronk gegooi.

In 44 word Jakobus gedood.

Ook op baie plekke buite Palestina word juis die Jode die grootste aanhitters van haat teen die christene – Paulus word ook ’n slagoffer van vervolging deur Jode.

As Jerusalem in die jaar 70 deur die Romeine verwoes word, moet die christene saam met die Jode ly. Baie vlug na Pella ten ooste van die Jordaan. Die kerkmense word inderdaad die verjaagdes, dié in die “verstrooiing” (Jak. 1:1), die “bywoners en vreemdelinge” (1 Pet. 2), diegene “wat deur smaad en verdrukkinge ’n skouspel geword het” (Heb. 10:33).

## Vervolging onder die heidene

Drie soorte vervolgings:

*Ten eerste* persoonlike willekeur soos byvoorbeeld deur keiser *Nero*. In 64 steek hy self Rome aan die brand, maar gee aan die christene die skuld. Daarmee is die wreedste vervolgings geloofs: Christene is voor wilde diere gegooi, lewendig verbrand en op allerhande wrede maniere dood gemartel. Ook keiser *Domitianus* gaan teen die einde van die eerste eeu woes te kere; waarskynlik word die apostel Johannes deur hom na Patmos verban.

*Tweedens* was daar 'n offisiële staatsvervolging: Christene wat weier om die keiser te aanbid, is deur die staat vervolgd, gestraf en gedood.

*Derdens* was daar 'n algemene stelselmatige vervolging wat soos 'n golf oor die kerk gaan, veral in die tweede eeu posvat en in die jare 249-251 onder keiser *Decius* die wreedste klimaks bereik. In die ou martelaarsboeke kan ons vandag die name en geskiedenis van baie van hierdie bloedgetuies lees, onder andere

*biskop Simeon van Jerusalem* (opvolger van Jakobus, die broer van die Here) wat in 107 gekruisig is,

*Ignatius van Antiochië*, leerling van onder andere Johannes, wat in Rome voor wilde diere gegooi is,

*biskop Polycarpus* wat op 86-jarige leeftyd in Smirna verbrand is, die geleerde *Justinus* wat in 165 in Rome tereggestel is,

die 90-jarige *biskop Pothinus* wat in 177 ná marteling in 'n tronk in Lyon gedood is,

die *slavin Blandina* wat in ook 177 in Lyon op 'n verskriklike wrede manier doodgemartel is,

die jong adellike meisie *Perpetua* en haar diensmeise, *Felicitas*, wat beide in 203 in Karthago doodgemartel is ...

Hierdie is maar enkele slagoffers van 'n lang stoet christene wat as martelare langs die pad van die kerk se geskiedenis moes sterf.



En die gemeentes self? Dikwels moes hulle in die geheim vergader, in grafkelders, in spelonke, in die ope veld, agter geslote deure ...

Maar God bly getrou en sy beloftes hou stand.

Die vervolging het *beproeving* van die geloof gebring ... en die beproewing *loutering*. So word die martelaarskerk die *gelouterde kerk* wat nooit op hulleself kan vertrou of op mense of dinge in die wêreld nie, maar alleen aanhou kleef aan die Woord van die Evangelie.

En in die begin van die vierde eeu het die wonder gebeur. Op 'n uitsonderlike manier het daar uitkoms vir die kerk gekom.

### **Keiser Konstantyn (306-337)**

Met die beroemde veldslag by die Milviëse Brug in 312 kom Konstantyn tot 'n radikale verandering van gesindheid teenoor die christendom. Hy beweer dat hy op 'n middag 'n helder kruis teen die hemel sien met die woorde: “Oorwin deur hierdie” (= “Oorwin in hierdie teken”).

In 313 vaardig hy die Edik van Milaan uit waardeur die christelike godsdiens gewettig word. Hierna steun hy die kerk met alle mag.

Nou was die kerk vry. Geen weerstande van die staat meer nie. Dit word selfs mode om 'n christen te wees.

In 380 verklaar *keiser Theodosius die Grote* die christelike godsdiens as *staatsgodsdiens*, die kerk word staatskerk.

Was dit alles ten goede? Nee, intendeel, *die nadele* was onberekenbaar groot:

1. Massas heidene het die kerk ingestroom – saam met heidense idees.
2. Die staat kry beslissende mag in die kerk – politiek beheers die godsdiens.
3. In die plek van beproewing en loutering het gemaksug gekom, ook ydelheid en ligsinnigheid.

## **Vrae:**

1. Beskryf die vervolging onder die Jode.
2. Watter drie soorte vervolgings was daar onder die heidene?
3. Noem enkele martelare van die kerk.
4. Wanneer kom die keerpunt in die vervolging?
5. Wat was die voordele van die staatskerk?
6. Beskryf die groot nadele van die staatskerk.

## 4 DWALINGE EN KETTERS

Reeds in die Nuwe Testament kry die kerk te doen met valse leraars en ketterye.

Paulus waarsku teen “wrede wolwe” wat onder die kerk van Efese “sal inkom en die kudde nie sal spaar nie” (Hand. 20:29).

Johannes vertel van “antichriste” wat van “ons uitgegaan” het, maar nie “van ons” was nie (1 Joh. 2:19).

Petrus waarsku teen “valse leraars” wat “verderflike ketterye heimlik sal invoer” (2 Petr. 2:1), ens.

### Die Judaïste

Hulle was Joodse christene wat vir die christene uit die heidendom al die Ou-Testamentiese wette en seremonies en instellings (byvoorbeeld besnydenis) verpligtend wou oplê. Dit het uitgeloop op botsings en partyskappe in die kerk. Paulus se brief aan die Galasiërs vertel van die stryd teen die Judaïste.

Op die voetspoor van die Judaïste het die *Ebioniete* (= “armes”) gevolg wat die christelike geloof wou beperk tot die Jode. Hulle was geesdrywers en het onder meer die *chiliasme* (= leer van die 1000-jarige vrede-ryk) voorgestaan.

### Gnostieke dwaling

’n Gevaarlike dwaling – eintlik erger as ’n sekte.

Hulle vermeng heidense filosofie met christelike idees.

Kennis (*gnosis*) is sleutel tot saligheid en nie geloof nie.

Hulle sien ’n teenstelling tussen die stoflike dinge (aardse liggaam) en geestelike dinge (siel). Gevolge: Die mens se liggaam is die “stoflike oorskot”. As die “siel” maar net vir Jesus “gewen” kan word. Verder moet die wêreld vermy word en so begin die idee om in kloosters te

lewe en die liggaam te folter. *Simeon Stylitis*, wat dekades lank op 'n hoë pilaar geleef het, was hiervan 'n voorstaander.

## **Marcion**

Een van die grootste kettere in die ou christelike kerk.

Hy sê daar is twee gode: 1. Die minderwaardige skeppergod van die Ou Testament, die “wrede god” wat Jesus laat kruisig het en dan 2. die “goeie god” die god van liefde wat deur Jesus gepreek is.

Marcion stel sy eie Bybel saam: Hy verwerp die Ou Testament; in die Nuwe Testament erken hy alleen 'n gedeelte van Lukas en slegs tien briewe van Paulus. 'n Gevolg van Marcion se leer is onder meer dat die Ou Testament as minderwaardig geag is.

## **Die Montaniste**

Montanus was die stigter van hierdie sekte. Dit behels geesdrywery en gedweep met die werk van die Heilige Gees ten koste van die volle waarheid van die Skrif.

Ons sou dit ook 'n soort “Pinksterbeweging” kon noem. Die kerk met sy ampte word geminag en die prediking van die Woord word vervang met die mens se “geestesbeleving” en sy godsdienstige ervaring.

## **Die Manigeïsme**

Die Manigeïsme is 'n nuwe “wêreldgodsdienst” wat in die derde eeu ontstaan en tot laat in die Middeleeue die kerk bedreig. Dit is genoem na Mani, die stigter, 'n Pers. Hy sien homself as die profeet wat die leer van Boeddha, Zarathoestra (Persiese messias ± 1000 v.C.) en Jesus saamvat en bevestig. Augustinus die kerkvader het voor sy bekering tot hierdie dwaalleer behoort.

## **Die Donatiste**

Hulle was 'n sekte in Noord-Afrika, genoem na 'n biskop Donatus. Hulle leer dat die sakramente afhanklik is van die persoon wat dit bedien en ook dat die kerk alleen uit sondelose heiliges bestaan.

## Drie geslagte kerkleiers stry vir die waarheid

Ná die apostels moes *drie geslagte* kerkleiers stry vir die waarheid en die leer van die kerk:

1. Die “*apostoliese vaders*”, so genoem omdat hulle nog die Evangelie uit die mond van die apostels self ontvang het. Onder hulle was *Clemens Romanus*, *Ignatius van Antiochië*, *Polycarpus van Smirna* en *Papias van Hierapolis*.
2. Die “*apologete*” wat die kerk se leer moes verdedig teen die dwaling. Onder andere was hulle *Justinus die Martelaar*, *Melito*, die biskop van Sardis en *Theophilus*, die biskop van Antiochië.
3. Die “*kerkvaders*” wat die teologie uitgebou het en oor die kerkleer geskryf het. Onder andere was hulle *Irenaeus*, *Clemens*, *Origines*, *Cyprianus*, *Tertullianus* en *Ambrosius*, so ook *Athanasius* en die bekende *Augustinus*.

## Die kerk se wapens teen die dwalinge

Die belangrikste wapen in die verdediging van die ware kerk is die swaard van die Gees, die “Woord van God” (Ef. 6:17), dus ook suiwer prediking uit die Skrif.

Vir die verdeging van die waarheid in die Vroeë Kerk was die volgende drie suile of wapens egter van deurslaggewende betekenis:

1. **Die Kanon:** Griekse woord “kanon” = maatstok (riet). Kanonieke boeke van die Bybel is boeke wat gemeet is. Teen die jaar 200 bestaan die Bybel volledig en daarmee word willekeur uitgeban. Die *apokriewe* (= verborge) boeke is nie deel van die Bybel nie. (Vgl. NGB, art. 6.)
2. **Geloofsbelydenis:** Belangrike wapen teen dwalinge. Belydenis gee ’n samevatting van die Skrifwaarhede. Reeds vanaf die tweede eeu begin die ontstaansgeskiedenis van die *Apostoliese Geloofsbelydenis* (Twaalf Artikels).
3. **Die biskopsamp:** Uit angns vir verwêreldliking word gesoek na sterker gesag in die kerk. Ongelukkig sou dit mettertyd tot oorbeklemtoning van die mag van die biskop lei. Geleidelik neem dit toe met kwade gevolge – later word die biskop van Rome ’n pous.

## Vrae:

1. Waar in die Bybel word die kerk gewaarsku teen ketterye?
2. Wie was die Judaïste en watter brief van Paulus bestry hulle?
3. Wat was die gnostieke dwaling en wat was hulle opvatting van die mens se liggaam?
4. Wat weet jy van die ketter Marcion?
5. Wie was die Montaniste?
6. En die Manigeïsme? Watter beroemde kerkvader het eers aan hulle behoort?
7. Waar het die Donatiste voorgekom en wat was hulle opvatting?
8. Wie was die apostoliese vaders, die apologete en die kerkvaders en noem enkeles van elke groep?
9. Wat was die wapens van die kerk om dwalings te bestry?

## 5 DIE STRYD OM CHRISTUS – DIE FONDAMENT VAN DIE KERK

Wie is Jesus Christus? Dit is die mees essensiële vraag vir die kerk wat Jesus self vir sy dissipels in Mat. 16:15 gestel het. Alleen op hierdie rots, dat Hy die Seun van God is en daarom God self, word die kerk gebou.

Maar juis hierdie “rots”, hierdie fondament van die kerk, is in die kerkgeskiedenis geweldig ondergrawe – en word vandag nog ondergrawe.

*Twee groot beslissende botsings:*

In die vierde eeu *Athanasius* teen *Arius*.

In die vyfde eeu *Augustinus* teen *Pelagius*.

### **Die ketter Arius se dwaling**

Hy was ’n ouderling van Alexandrië en hy leer:

Daar is net EEN God en nie ’n DRIE-EENHEID nie.

Jesus Christus is NIE God nie.

Jesus Christus het nie van ewigheid af bestaan nie en is ’n skepsel.

Hierteenoor antwoord *Athanasius* (diaken en later biskop van Alexandrië):

Die Vader is GOD.

Die Seun is GOD.

Die Heilige GEES is GOD.

Athanasius sê ook: As Jesus nie die Seun van God is nie, kan Hy nie die sonde vergewe nie en ook nie die dood oorwin nie.

By die *Sinode van Nicea* in 325 (naby Konstantinopel) is Arius veroordeel en word op grond van die Skrif verklaar dat die Seun *een wese* met die Vader is.

By die *Sinode van Konstantinopel* in 381 word die *Geloofsbelydenis van Nicea* finaal afgerond (vgl. die *Geloofsbelydenis van Nicea* agter in die Psalmboek, wat eintlik die *Geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel* is). Ook die Gees is *een wese* met die Vader en die Seun.

By die *Sinode van Chalcedon* in 451 word op grond van die Skrif tot die oortuiging gekom: een en dieselfde Christus het *twee nature*, sy goddelike en sy menslike natuur. Die nature is *onvermengd, onveranderd, ongedeel en ongeskei*.

### **Die ketter Pelagius se dwaling**

Hy was 'n Britse (Ierse) monnik wat in ± 400 in Rome aankom.  
Hy leer die volgende:

Daar is *geen erfsonde* nie.

Adam was slegs 'n *slegte voorbeeld* vir die mens.

Die mens het 'n *vrye wil* en kan self vir sy saligheid kies.

Daar is *geen uitverkiesing* nie, slegs 'n voorkennis by God.

Die dood is nie 'n gevolg van die sonde nie.

### **Augustinus uit Noord-Afrika se standpunt**

Die mensdom is aan Adam verbind – dus *erfsonde*.

God se genade is soewerein – dus *uitverkiesing*.

Die mens is in homself verlore en dood – tensy God hom red.

Saligheid alleen deur *Jesus Christus*.

### **Die dwaling van die Semi-Pelagianisme**

Steeds gaan dit om die vraag of Jesus Christus ALLEEN die Saligmaker is. Die Semi-Pelagianer leer:

*Pelagius* en *Augustinus* moet *versoen* word.



Die mens is nie dood nie (soos Augustinus leer) en hy is ook nie gesond nie (soos Pelagius leer), maar hy is SIEK.

Die Semi-Pelagiane (half-Pelagiane) sê verder dat daar *samewerking* moet wees tussen God en die mens – die mens moet God *help* om sy saligheid te verkry. God se genade sal slaag, mits die mens *gewillig* is (met sy vrye wil) om dit te aanvaar.

Hierdie Semi-Pelagianisme is belangrik om te ken, want dit word later voortgesit in die *Roomse teologie* (saligheid deur goeie werke) en in die Protestantse kerke in die standpunt van die *Remonstrante* (kyk les 14 oor die Sinode van Dordrecht 1618-19) en nog later die in die *Methodisme* (= die gevoelsgodsdienst om volgens ’n vaste metode die saligheid te kry). Juis in die *Methodisme* het die leer oor die *vrye wil* van die mens ’n groot plek verkry (kyk J.D. du Toit se boek “Die Methodisme”, bl. 203 van Totius se Versamelde werke, deel 6 – nuutste uitgawe).

## **Augustinus van Afrika**

In ’n tyd van kerklike verval, toe die dwalinge van die Pelagiane en die Semi-Pelagiane die kerk se suiwer Skriftuurlike leer van binne-uit aangetas het, was daar ’n biskop in Noord-Afrika wat ’n toring van krag vir die waarheid was.

Augustinus, wat as talentvolle jongman eers ’n wêreldse lewe gevoer het, lewer ná sy bekering (in die jaar 386) ’n geweldige groot bydrae vir die kerk se leer. Hy skryf baie belangrike boeke. Onder die leerstukke wat hy toelig en verdedig, is die volgende:

Die Drie-eenheid

God se genade alleen kan die mens red

Die mens het nie ’n vrye wil nie

Die uitverkiesingsleer

Die erfsonde

Die belangrike plek van die kerk in die wêreld

Die *twee* sakramente Doop en Nagmaal is die *sigbare* prediking van die Woord.

Twee belangrike boeke van Augustinus: *Belydenisse* (oor sy eie lewe) en *Aangaande die staat van God* (*De civitate Dei*).

### **Vrae:**

1. Waaroor gaan die stryd in die kerk in die vierde en vyfde eeue?
2. Wat was Arius se dwaling?
3. Wat weet jy van Athanasius?
4. Weet jy van die Geloofsbelydens van Nicea? Waar vind ons dit?
5. Wie was Pelagius en wat het hy geleer?
6. Wat is Augustinus se standpunt teenoor Pelagius?
7. Die Semi-Pelagiane probeer 'n versoening tussen die leer van Pelagius en die leer van Augustinus bewerk. Wat sê hulle?
8. Hoe kom die leer van die Semi-Pelagiane uit in die Roomse leer?
9. Noem twee strominge onder Protestante wie se leer oor die saligheid ooreenkom met die Semi-Pelagiane.
10. Watter teoloog uit Noord-Afrika is in die vyfde eeu baie belangrik?
11. Noem twee belangrike boeke wat Augustinus geskryf het.



*Athanasius, die stryder teen dwalinge van Arius – vierde eeu.*

## 6 DIE KERK ONDER DIE POUS

### Wie regeer die kerk?

Volgens die Bybel regeer Christus en Hy alleen die kerk. (Vergelyk Ef. 1:22, 4:15, 5:23; Kol. 1:18; NGB, art. 31). Christus regeer deur sy Woord en Gees. Daarvoor gebruik Hy *ouderlinge* wat sy regering moet uitvoer. Hierdie ouderlinge word volgens Hand. 14:23 deur die gemeente gekies. Sommige ouderlinge kry ook die opdrag om te preek. Paulus noem hulle die ouderlinge “wat arbei in woord en leer” (1 Tim. 5:17). Dit is die predikante (lees die bevestigingsformulier vir predikante en ouderlinge).

### Die ouderlingamp verval

Geleidelik het die kerk na keiser Konstantyn verval. Dit het onder invloed van die wêreld gekom (kyk les 4). Een van die slegte dinge wat in die kerk posgevat het, was dat die mens meer en meer die mag aan homself toegeëien het en die regering uit die hand van Christus geneem het.

In die plek van die ouderling wat alleen die opdragte van die hoof Christus volgens die Woord van God moes uitvoer, het daar nou ’n menslike idee van die biskopsamp posgevat, ’n *biskop*, wat met menslike sienswyses sonder die Woord begin regeer het. Hierdie biskoppe wat hulleself hoër as die ander ampsdraers geag het, het naderhand baie geword en hulle het feitlik alleen die sê gehad in die kerk.

Een van hierdie biskoppe, naamlik die een van Rome, het in die vyfde eeu verklaar dat hy meer belangrik as al die ander biskoppe is; hy het toe die *pous* geword.

Hierdie eerste pous se naam was *Leo die Grote* (440-461); hy gee aan homself die titel “papa” (= pous = vader).

Hierdie pous verklaar verder dat volgens Mat. 16:18 die apostel Petrus die fondament (rots) van die kerk is; nou word die pous – en daarna alle pouse – as die direkte opvolger van die apostel Petrus gesien.

Volgens Mat. 23:9 belet Jesus Christus die kerk om ’n pous (vader) onder mense te hê wat die kerk regeer:

“Julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.”

### **Van kwaad tot erger**

Die pous was nie tevrede om alleen die *kerk* te regeer nie, maar hy wil ook die *staat* regeer. So verklaar hy homself as opperpriester oor die kerk en opperkoning oor die regering van die staat. Daarvoor gebruik hy die Bybelteks van die *twee swaarde* (Luk. 22:38).

### **Rome teen Konstantinopel**

Keiser Konstantyn (vierde eeu) gaan woon in Konstantinopel; daar het die biskop nie veel mag nie. Dit gee aan die pous van Rome die geleentheid om sy mag in die weste al hoe meer te laat geld. Die kerk in Konstantinopel met hulle biskop verdra dit egter nie. Onder meer hierdie verwydering sou later tot ’n *skeuring* tussen die kerk in die weste en die kerk in die ooste lei.

### **Die onmoontlike: ’n StaatsKERK of ’n kerkSTAAT?**

In die Middeleeue (ongeveer 600 tot 1500) vind ons ’n aanhoudende stryd tussen die pous en die wêreldlike vors. Soms het een die oorhand en dan weer die ander.

Die Duitse keiser in die Weste wil sy mag oor die pous handhaaf en beywer hom vir ’n *staatskerk* – dit wil sê die staat regeer die kerk.

Die pous van Rome wil eers 'n *kerkstaat* hê – dit wil sê die kerk regeer die staat.

In die elfde eeu kom dit byvoorbeeld tot 'n openlike uitbarsting tussen keiser Hendrik IV en pous Gregorius VII (Hildebrand):

Die keiser ontslaan die pous.

Die pous spreek op sy beurt die banvloek oor die keiser uit.

Die keiser bely sy skuld en gaan staan kaalvoet in die sneeu in sak en as voor die pous se paleis.


As die keiser weer vergewing ontvang gaan hy terug en laat weer op sy beurt die pous vang.

Die hoogtepunt van die pouslike mag vind ons in die dertiende eeu met pous Innocentius III.

Dan is die kerk alreeds in 'n ontsettende diep verval.

### **Vrae:**

1. Wie alleen regeer die kerk?
2. Wat is die taak van ouderlinge?
3. Is 'n predikant ook 'n ouderling?
4. Wat het met die ouderlingamp in die ou christelike kerk gebeur?
5. Watter biskop het hom in die vyfde eeu bo die ander verhef?
6. Hoe verklaar die pous Mat. 16:18?
7. Wat beteken die naam pous?
8. Hoe het die pous teenoor die regering van die staat gestaan?
9. Wie was die eerste pous volgens die Roomse siening?
10. Waarom het die pous van Rome 'n groter mag in die weste gehad as in die ooste?
11. Wanneer is die pous se mag op sy hoogste?



*Christendom ± 630 n.C. Voor die koms van die Islam*

## 7 DIE MONSTER UIT DIE WOESTYN – DIE ISLAM

### **Mohammed**

In 570 word daar 'n man in Arabië gebore, naamlik Mohammed.

Hy is die stigter van 'n nuwe, fanatieke godsdiens, die ISLAM, wat met geweld in baie streke, onder andere in Palestina, Klein-Asië (Turkye) en Noord-Afrika die kerk teen die agste eeu sou uitroei. Die Islam verklaar 'n “heilige oorlog” teen die kerk.

*Islam beteken volledige oorgawe aan God*

### **Kort samevatting van die Islam se leer:**

Daar is slegs een God en sy naam is ALLAH en Mohammed is sy profeet.

Volgens die *Koran* is *Mohammed* Allah se grootste profeet – uitdruklik nog baie groter as Jesus. Jesus word as 'n profeet erken, maar hy is nie god nie en hy is ook vir die Islam geen middelaar nie – dus is daar geen kruisdood of opstanding nie.

*Islam* as godsdiens ontstaan as 'n *samevoeging* (mengsel) van Joodse, (valse) christelike en heidense idees.

Die *Koran* is die Islam se boek waarin hulle godsdiens opgeskryf is. Volgelinge van die Islam word *Moslems* genoem = gehoorsames. (Hulle verkies om nie *Mohammedane* genoem te word nie.)

Die *vyf pilare* van die Islam in praktyk:

1. Geloofsbelydenis.
2. Vyf maal per dag moet gebed word in die rigting van Mekka (hoofsetel in Arabië).



3. Aalmoese moet vir armes gegee word.
4. Gereelde vastye moet onderhou word.
5. Jy moet probeer om minstens een keer in jou lewe 'n bedevaart na Mekka te maak.

### **Verdere voorskrifte:**

Verbod om sterk drank te drink en varkvlies te eet.

Veelwywery: Vier vrouens word toegelaat.

Paradys: Dit is 'n plek van sinlike (vleeslike) genieting.

### **Uitbreiding van Islam**

Feitlik die hele Arabiese wêreld kom onder invloed van die Islam. In Frankryk word hulle opmars deur Spanje eers in 732 by Tours gestuit – presies 100 jaar na die dood van Mohammed. In 717/718 verdryf die Oos-Romeinse (Bisantynse) keiser, Leo III, die Arabiere uit Europa. Eers na die val van Granada in 1492 word die Islam finaal uit Spanje verdryf. Vandag is die Islam steeds sterk in Noord-Afrika en die Midde-Ooste, ook in Asiatiese lande soos Pakistan, Afghanistan. Indonesië, Maleisië ens. Soms neem die Islam selfs regerings oor soos in Iran in 1979.

### **Die kruistogte**

In die elfde eeu kom daar vanuit Frankryk 'n uitsonderlike poging om weer die “heilige land” (Palestina) van die Islam terug te verower. Pous Urbanus II en die prediker Pieter (Pierre) van Amiëns (Frankryk) sweep die mense op in 1095. 'n Leërmag van duisende trek die jaar daarop teen die Turke op, Jerusalem en “heilige plekke” word verower. Godfried van Bouillon (Hertogdom Lorreinen) word die koningskroon oor Jerusalem aangebied. Hy weier en sê: “Ek dra nie 'n koningskroon waar my Heiland 'n doringkroon gedra het nie.”

Hierna kom daar tot in die dertiende eeu nog vyf kruistogte vanuit Wes-Europa na die Midde-Ooste. In 1212 was daar selfs 'n ramspoedige kruistog van kinders. Op die end misluk hierdie pogings om met

kruistogte die Islam te oorwin, want by die slag van Akko word die christene in 1291 verpletterend verslaan.

Die nadele vir die kerk deur die optrede van die kruistogte:

'n Verkeerde beeld van die kerk is aan die wêreld gegee – om met die swaard aan te val in plaas van deur die verkondiging van die Evangelie.

Bygeloof is bevorder, byvoorbeeld heiliging van plekke en verering van relikwieë (= oënskynlike oorblyfsels van byvoorbeeld die kruis van Christus, kledingstukke van apostels, beendere van “heiliges” ens.).

Verder het die kruistogte ook gepaardgegaan met wreedhede en sedeloosheid.

Alles het net gemaak dat die Islam se haat teen die Christendom nog vererger is.

*Enigste antwoord aan die Islam* (ook vandag nog) bly steeds die prediking van die Evangelie, dus die verkondiging aan die heidendom (sending onder die Moslems).

### **Vrae:**

1. Wie is die stigter van die Islam-godsdien?
2. Uit watter ander godsdienste is die Islam 'n samevoeging?
3. Wat is die naam van die Islamse godsdienboek?
4. Wie is die god van die Islam en wat is in kort hulle leer?
5. Wat was die optrede van die Islam teenoor die kerk?
6. In watter lande is die Islam vandag nog die sterkste?
7. In watter lande het die Islam die kerk totaal oorrampel?
8. Wat was die kruistogte?
9. Wat was die nadele van die kruistogte vir die kerk?

## 8 SKEURING TUSSEN OOSTERSE EN WESTERSE KERK

Dis belangrik om te weet dat daar in die jaar 1054 'n skeuring gekom het tussen die kerke in die Ooste en die kerke in die Weste. Dit was 'n skeiding tussen Griekse Kerk (ooste) en Roomse Kerk (weste).

Vandag bestaan die Oosterse kerke hoofsaaklik uit die Grieks-Ortodokse Kerk (wat ook na ander lande in die Midde-Ooste uitgebrei het), die Russies-Ortodokse Kerk (in soverre dit nog in Rusland kan bestaan en ook in ander lande, byvoorbeeld die Balkanstate voortgesit word, byvoorbeeld die Serbies-Ortodokse Kerk ens.). Buite Rusland bestaan daar ook gemeentes van die Russies-Ortodokse Kerk waar vlugteling-Russe bymekaargekom het, byvoorbeeld in groot wêreldstede.

### Oorsake van skeiding

1. Wrywing tussen die twee groot kerksentrums *Rome* en *Konstantinopel* met hulle biskoppe. Die biskop van Konstantinopel wou nooit die pous van Rome erken nie.
2. Die *politieke* verdeling tussen Oos en Wes – naderhand twee keiserryke.
3. Verskil in *taal* en *kultuur*: In die Ooste word Grieks gepraat; in die Weste Latyn. Die Ooste is erfgenaam van die Griekse kultuur met Konstantinopel (vroeër Bysantium) as sentrum; die Weste is erfgenaam van die Romeinse kultuur (regstelsel, organisasie) met Rome as sentrum.
4. *Leergeskillen*:  
Die Ooste erken nie die pous nie.  
Die Ooste gee meer aandag aan Christus se *vleeswording* en die Weste meer aan Christus se *versoening*.

Die Ooste verwerp die leer dat die Heilige Gees ook van God die Seun uitgaan – die Weste handhaaf dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader EN die Seun (dit is die stryd oor die sogenaamde “Filioque” = “en van die Seun”).

### **Gevolge van die skeuring tussen Oos en Wes**

1. Die verval het in beide streke vinniger ingetree.
2. Die Hervorming van die sestiende eeu kon die Oosterse Kerk eintlik nie bereik nie – byvoorbeeld die verval in Rusland kon nie gekeer word nie.
3. Die valse leer dat die Heilige Gees nie van Jesus Christus uitgaan nie, het die Oosterse Kerk in ’n totaal verkeerde rigting gestuur:  
Die prediking het geen krag meer gehad nie en het in baie gemeentes selfs verdwyn.  
Die evangelie het vals (on-Bybels) geword, want die Bybel leer dat die Heilige Gees juis ook van Jesus Christus uitgaan, byvoorbeeld Joh. 14:16-17, 26; Joh. 15:26; Joh. 16:7. In Rom. 8:9 en 1. Pet. 1:11 word God se Gees ook die Gees van Christus genoem.

Die gevolge van hierdie vals leer was onder andere vir die Russies-Ortodokse Kerk ramspoedig: Die *Kommunisme* kon makliker oorneem.

## Vrae:

1. Wanneer het die finale breuk tussen die Oosterse en die Westerse kerke gekom?
2. Wat was die taal- en kultuurverskille tussen die Ooste en die Weste?
3. In watter groot land het die Oosterse kerk posgevat?
4. Wat is die verskil in opvatting tussen die Oosterse en Westerse kerke oor die Heilige Gees?
5. Watter stad was die hoofsetel van die Oosterse kerk?
6. Wat was die verskil tussen die biskop van Rome en die biskop van Konstantinopel?
7. Waarom was die kerk in Rusland nie sterk genoeg om die Kommuniste te weerstaan nie?
8. Het die Hervorming van die sestiende eeu ooit in die Oosterse kerke posgevat?

## 9 DIE GROOTSTE DWALINGS VAN DIE ROOMSE KERK

### 1. Die Woord word geminag

Hier is die *grondwaling* van die Roomse Kerk.

Volgens die Roomse Kerk mag die Bybel alleen deur die priesters verklaar word. Daarby is dit ’n uitgebreide “Bybel” – ook die *apokriewe* boeke word deur Rome as deel van die Bybel en aldus as God se Woord geag. Boonop het die *tradisie* (geskiedenis en gewoontes van die kerk) dieselfde waarde (gesag) as die Bybel. Verder is die amptelike uitsprake van die pous en die besluite van sinodes of konsilies net so gesaghebbend as die Heilige Skrif.

Die gevolg? Vervalsing en verdwyning van die Evangelie van Jesus Christus.

### 2. Die altaar in die plek van die preekstoel

Gaan kyk hoe lyk dit binne ’n Roomse kerkgebou. Die belangrikste plek word nie meer ingeneem deur ’n preekstoel nie, maar ’n altaar. Die idee is dat daar soos in die Ou Testament geoffer moet word – Christus moet nog steeds geoffer word en so word die brood en wyn elke keer weer letterlik die liggaam en bloed van Christus. Dus word die brood (wat volgens hulle *Christus* word) *aanbid*. Dit is hierdie *Roomse mis* wat in die plek van die Nagmaal gekom het, wat deur die Heidelbergse Kategismus ’n “vervloekte afgodery” genoem word (vraag 80), soos trouens die meeste tydgenote van reformatoriese belydenisse uit dieselfde tyd.

### 3. Die sakrament as “medisyne”

Volgens die Bybel is daar net *twee* sakramente, naamlik die **doop** en die **nagmaal**. Dit is *tekens* en *seëls*, met ander woorde dit verduidelik aan ons die Evangelie en gee aan ons sekerheid dat dit waar is (lees vraag en antwoord 66 van die Heidelbergse Kategismus).

Maar Rome sê die sakramente *self* verlos ons – byvoorbeeld die doop *self* het die krag om ons salig te maak, die brood en die wyn *self* red ons lewe. Hulle sê soos wat *medisyne* jou liggaam gesond maak, so is die sakrament nie slegs ’n afbeelding en ’n bewys dat *CHRISTUS* alles doen nie, maar is die sakrament die genesing self – sonder Christus.

En nou het daar in die Middeleeue sewe sulke “sakramente” ontstaan wat die lewe van die mens moet gesond maak van sy geboorte tot by sy graf:

*die doop*

*die vormsel* – die bekragtiging van die doop (’n soort bevestiging van kinders se doop)

*die mis* (*eucharistie* genoem), in die plek van die nagmaal (alreeds jong kindertjies ontvang *kommunie*)

*die bieë* – die priester self vergeef dan jou sondes

*die salwing* (ook *laaste oliesalwing* genoem) met olie vir siekes en sterwendes

*die huwelik*

*die priesterwyding* – wanneer ’n priester ingelyf word.

### 4. Self die saligheid verdien

Volgens die Roomse leer moet die mens self sy saligheid verdien. Hy kan dit koop en boonop vir afgestorwenes daarvoor betaal deur aflaatbriewe wat deur die pous uitgereik word. Die monnik *Tetzel* het byvoorbeeld onder die Duitsers in die omgewing van Wittenberg sulke aflaatbriewe aan die mense verkoop om geld te kry vir die bou van die St. Petrus Katedraal in Rome.

## **5. Die Vagevuur**

Pous Gregorius I (Gregorius die Grote, einde sesde eeu) voer die leer van die vagevuur in. Dit beteken: die vuur wat skoonmaak. Daarvolgens gaan 'n mens na jou dood eers na 'n plek waar jou siel “skoongebrand” moet word. Eers daarna kan die siel hemel toe gaan. Vir sulke siele kan daar dan ook nog steeds deur die mense op aarde gebid word of geld betaal word om hulle te red.

Dit is natuurlik totaal on-Bybels; die idee kom van die heidene.

## **6. Maria en die beelde**

Soos wat die heidene die godin Venus in hulle tempel afgebeeld en aanbid het, so het die kerk in die Middeleeue met Maria, die moeder van Jesus gemaak. Later het die Roomse Kerk selfs verklaar dat sy sondeloos was en opgevaar het na die hemel. Weereens: heeltemal on-Bybels.

Ook ander sogenaamde “heiliges” word aanbid en van hulle word beelde in die kerk gemaak. Daarmee het die beelddiens posevat.

So word Maria 'n middelares tot wie gebid kan word. Maar nie net sy word aanbid nie; ook tot ander afgestorwe mense kan gebid word om by God in te tree.

## **7. Bygeloof**

Toe die Bybel nie meer 'n plek in die kerk het nie, vat bygeloof pos. Allerhande oorblyfsels (soos byvoorbeeld stukkie van Jesus se kruis) word bymekaar gemaak en betas om krag te kry. Selfs beswerings soos towery vat pos.

## **8. Die pous se mag**

Ons het reeds gesien hoe ver die kerk met die pous gedwaal het (les



6). In die geskiedenis het dit nog erger geword. In 1870 is bykomend besluit dat hy wat pous is, onfeilbaar is wanneer hy amptelike uitsprake maak.

Alles saamgevat en nog baie ander dinge meer vertel aan ons dat die kerk teen die vyftiende eeu reeds deur en deur vals geword het – die Evangelie het verdwyn.

Die roep tot Hervorming was dus uiters dringend. God sou voorsien.

### **Vrae:**

1. Watter plek het die apokriewe boeke in die kerk ingeneem?
2. Wat is die plek van die preekstoel in die Roomse Kerk?
3. Wat is volgens die Roomse Kerk die doel van die sakramente?
4. Hoeveel sakramente bestaan in die Roomse Kerk? Noem hulle.
5. Hoe verkry die mens volgens die Roomse leer sy saligheid?
6. Wat is die vagevuur en vind ons dit in die Bybel?
7. Wat het die Roomse Kerk met Maria gedoen?
8. Waarom het bygeloof in die plek van die geloof gekom?
9. Wanneer is die pous as onfeilbaar verklaar?
10. Wat is die gronddwaling in die Roomse Kerk?

## 10 ENKELE FAKKELS IN DIE DONKER NAG

Sommige het probeer om verandering in die noodtoestand van die kerk te bring. Baie kloosters en monnike-orde het gestreef om vroomheid en 'n beter sedelike lewe in die kerk terug te bring. Die pogings was egter nog nie 'n terugkeer na die *Woord van God* nie. Selfs 'n sinode het in Wene in 1312 besluit dat daar 'n “hervorming in hoof en lede moet wees”, met ander woorde dat die pous en die kerklidmate hulle moes hervorm. Maar ook hierdie pogings was nie 'n terugkeer na die Woord nie. As die kerk nie terugkeer na die Evangelie en aan God se Woord gehoorsaam is nie, misluk alle pogings tot verbetering.

In hierdie donker nag van die kerk se verval was daar egter enkelinge wat hier en daar soos eensame fakkels gebrand het:

### 1. Die Waldense

Die Waldense was volgelinge van Petrus Waldes uit Suid-Frankryk. Hy is 'n ryk koopman wat sy eiendom ten behoeve van die armes verkoop. Hy vertaal die Bybel in die volkstaal en in 1177 stig hy 'n vereniging van leke-predikers wat die lande deurreis en die Evangelie verkondig. Hulle word swaar vervolgt.

### 2. John Wyclif

In die veertiende eeu is hy 'n professor in teologie in Oxford, Engeland. Hy vertaal die Bybel uit Latyn in Engels, preek vir die volk en verwerp baie van die Roomse leerstellings. Die Roomse Kerk veroordeel hom in 1382. Sy invloed is baie groot en dit help om die Hervorming voor te berei.

### **3. Johannes (Jan) Hus**

Hy is priester en professor in teologie aan die Universiteit van Praag, Bohemië (vandag Tsjeggo-Slowakye). Hy propageer Wyclif se standpunte. Alhoewel hy in 1415 in Konstanz deur die Roomse Kerk verbrand word, bly sy invloed egter groot, juis ook ná sy dood.

### **4. Savonarola**

Aan die einde van die vyftiende eeu is hy ’n Italiaanse monnik in Florence. Hy preek teen die slegte lewe van die pouse en die verval van die kerk. In 1498 word hy gefolter, opgehang en verbrand.

### **5. Die “Broeders des Gemenen Levens”**

Die geestelike vader van hierdie evangeliese beweging is *Geert Grote* uit die Nederlandse stad Deventer. Hy stig met ’n klompie helpers op baie plekke sogenaamde “broederhuise” of skole. Vandag sou ons iets sê soos “Bybelstudiekringe” of “-gemeenskappe”. So word duisende Nederlanders in hulle eie taal in die Bybel onderrig. Verder beklemtoon hulle ’n toegewyde lewe en vroomheid in “navolging van Christus”.

### **6. Wessel Gansfort**

Johann Wessel Gansfort is ’n Nederlander wat kom uit die kringe van die “Broeders des Gemenen Levens”. Hy trek rond en preek die evangelie en word selfs die “Lux mundi” (lig van die wêreld) genoem. Luther ag sy geskryfte hoog.

### **Samevatting**

So sien ons dat daar teen die einde van die vyftiende eeu op verskillende plekke in Europa manne na vore getree het wat hulle beywer het vir verandering in die geestelike toestand. Dit was egter nog maar enkele fakkels wat van ver af in ’n donker nag flou gebrand het. Die eintlike deurbreking van die lig van die Woord – die groot Hervorming van die sestiende eeu, was naby. God Self sou ingryp in die nood van sy kerk.


Op sy tyd sou Hy die uur laat slaan. Daarvoor sou Hy sy diensknegte kies om sy volk uit die slawehuis van Roomse dwaling en wêreldse dwinglandy uit te lei. Ons ken alreeds van hulle name:

Martin Luther  
Huldrych Zwingli  
Martin Bucer  
Philippus Melanchthon  
Heinrich Bullinger  
Johannes Calvyn  
John Knox

Hulle is van die manne wat aan die spits sou staan van duisendes wat sou volg – die kerk terug na God se Woord.

### **Vrae:**

1. Kan 'n hervorming van die kerk sonder 'n terugkeer na God se Woord plaasvind?
2. Wie was die Waldense?
3. Waarom was John Wyclif se werk van belang?
4. Watter professor in teologie in Bohemië het Wyclif se leer voorgedra en wat was sy uiteinde?
5. Noem 'n Italiaanse monnik wat teen die pous en die slegte lewe van die kerk gepreek het en wat met hom gebeur het.
6. Wat was die betekenis van die “Broeders des Gemenen Levens”?
7. Wie was Wessel Gansfort?
8. In watter eeu sou die groot Hervorming plaasvind en wie was die belangrikste leiers?



*John Wyclif, professor in Oxford wat die dwalinge in die kerk reeds in die veertiende eeu bestry het.*

## 11 DIE GROOT HERVORMING – LUTHER, ZWINGLI, BUCER, BULLINGER, MELANCHTHON ...

Ons praat van die HERVORMING of REFORMASIE van die ses-tiende eeu.

*Hervorming* = om weer *terug* te *vorm* na die oorspronklike. Die vervalde kerk word weer herstel. Daar word teruggekeer na die Woord van God. Die kerk word weer *her-vorm* volgens die *Bybel*; die Bybel is die enigste maatstaf.

### **Martin Luther (1483-1546)**

Met Luther slaan God se uur om die Hervorming te laat deurbreek.

Hy is gebore te Eisleben, 'n Duitse dorpie, op 10 November 1483. Sy vader was 'n mynwerker.

Martin Luther word 'n priester in die Roomse Kerk in Erfurt. Hy bestudeer die Bybel en maak 'n groot ontdekking: *die mens word alleen salig deur genade en nie deur verdienste nie* – Rom. 1:17, Rom. 3:21-28, Ps. 71:2.

Luther word professor in teologie in Wittenberg.

Intussen verkoop die Roomse Kerk *aflaatbriewe* in Duitse gebiede deur sy gesant, *Tetzel* – hiervolgens kan 'n mens geld betaal om jou siel of die siel van 'n afgestorwene te red. Op 31 Oktober 1517 spyker Luther, onder meer as reaksie op hierdie aflaatbriewe, sy 95 Stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg se slotkerk. Hierin word die Bybelse

leer teen die valse Roomse leer oor die saligheid verdedig. Toe slaan die uur. Die Hervorming vat pos soos 'n veldbrand.





*Die Petruskerk in Rome waarvoor Tetzels in Duitsland geld ingesamel het deur aflaatsbriewe te verkoop. Hierteen het Luther in verzet gekom.*

Die *pous* van Rome slaan toe. Ná verskillende pogings om Luther tot stilswye te bring word 'n *banvloek* oor hom uitgevaardig. Onder meer praat hy van Luther as 'n “wildevark in die tuin van die Here”. Luther, sy medestander Melanchthon en hulle studente se antwoord daarop is om die banbrief in die openbaar te verbrand.

Luther se werk was soos die van 'n ysbrekerskip – die pad vir die Hervorming is oopgebreek. Sy betekenis vir die kerk is ontsaglik groot. Kerklik en teologies is die gesag van die Bybel weer bo alle twyfel gestel.

Sy opvolger wat sy werk voortgesit het, was *Philippus Melanchthon*.

## **Tog het Luther nie ver genoeg gegaan nie**

Hy bly vashou aan sekere *Roomse gebruike*, byvoorbeeld beelde en altaar.

By hom het die *staat* nog groot seggenskap oor die kerk.

Sy nagmaalsopvatting is die leer van die *konsubstansiasie*, dit wil sê Christus is *in, met* en *onder* die tekens van brood en wyn teenwoordig. (Vir die Gereformeerde opvatting, vgl. die Heidelbergse Kategismus, Sondag 18 – Christus is na sy menslike natuur in die hemel – asook Sondag 28-29; Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 19).

## **Huldrych Zwingli (1484-1531)**

Vanaf 1522 tree Zwingli openlik as hervormer in Zürich op, met invloed ook in ander Switserse gebiede.

Sy nagmaalsopvatting: Dit is slegs ’n *gedagtenismaaltyd*, slegs simbolies. Zwingli sneuwel op die slagveld by Kappel tydens ’n aanval van die Rooms-Katolieke stede op die protestantse Zürich. Dit was op 11 Oktober 1531.

## **Heinrich Bullinger (1504-1575)**

Hy is die opvolger van Zwingli in Zürich.

Daarby is hy ’n tydgenoot van Calvyn en staan hy ook nader aan Calvyn as aan Luther.

Groot teoloog en bekwame organiseerder van die kerk.

## **Martin Bucer (spreek uit “Boetsier”) (1491-1551)**

Hervormer te Straatsburg.

Sy teologie baie belangrik omdat hy invloed het op Calvyn.

Later gaan arbei hy in Engeland (Cambridge).

Hy streef na eenheid van die Protestantse kerke.

Met bogenoemde hervormers vind ons die Hervorming in die Duitssprekende wêreld. Die Lutherse Hervorming was hoofsaaklik gekonsentreerd in die Duitse gebiede (noorde, ooste en weste van huidige Duitsland); in die Switserse kantons en stede (Switserland vandag) vind ons grootliks die invloed van Zwingli en daarna Bullinger (ook Duitssprekend) en Calvyn (Frans), asook medestanders van Calvyn soos Farel en Viret (beide Franssprekend). Daarvandaan sou Calvyn se invloed ook sterk in die Nederlande word.

Die Hervorming in die Duitse gebiede (Lutherse) het weer ingang gevind in die lande *Noorweë*, *Swede*, *Denemarke* en *Finland*.

### **Vrae:**

1. Wat beteken die begrip Hervorming?
2. Wat was Luther se grootste ontdekking in die Bybel?
3. Wat was die aflaatbriewe van die pous en wie het hulle in Duitsland verkoop?
4. Wat het Luther op 31 Oktober 1517 in Wittenberg gedoen?
5. Wat was die pous se reaksie?
6. Waarom dink jy is die werk van Luther baie belangrik?
7. In watter opsigte het Luther nie ver genoeg gegaan nie?
8. Wie was Zwingli en wat is sy opvatting van die nagmaal?
9. Wie was Zwingli se opvolger?
10. Waarom is Bucer as hervormer vir ons belangrik?
11. Watter lande in Europa het die Lutherse Hervorming aanvaar?



*Martin Luther wat op 31 Oktober 1517 sy beroemde 95 Stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg gespyker het.*

## **12 DIE GROOT HERVORMING (VERVOLG) – CALVYN, KNOX EN DIE HERVORMING IN ANDER LANDE**

### **Johannes Calvyn (1509-1564)**

*Vier periodes in sy lewe:*

1. Sy jeug, 1509-1536
2. Genève, 1536-1538
3. Straatsburg, 1538-1541
4. Genève, 1541-1564

#### **1. Calvyn se jeug, 1509-1536**

Gebore in Noyon in Frankryk op 10 Julie 1509.

Adellike opvoeding; ontvang op twaalf jaar kerklike inkomste en studeer hard.

Van 1523 tot 1528 studeer Calvyn teologie en Latyn in Parys.

Besoek ook Universiteite van Orléans en Bourges vir studies in die regte.

Terug in Parys en skryf hy waarskynlik sy vriend Nicolas Cop se rektorale rede, waarin die beginsels van die Hervorming verkondig word. Met die vervolging wat daarop volg, moet Calvyn vlug vir sy lewe.

Onder die skuilnaam “Charles d’Espeville” bly Calvyn by ’n vriend in Suid-Frankryk, naamlik Du Tillet. Studeer hier in ’n groot biblioteek. Daarna gaan Calvyn na Basel (Switserland) waar hy die eerste uitgawe van sy beroemde boek, die *Institusie of Onderwysing in die Christelike godsdiens* skryf (1535/1536).

## 2. Calvyn in Genève, 1536-1538

Farel wat toe reeds die Hervorming in Genève aangepak het, oorreed Calvyn met laasgenoemde se deureis om in Genève te bly. Prediking as Skrifverklaring van die Woord kry 'n besondere plek.

Hier stel hy 'n *Kategismus* en 'n *Kerkorde* op. Ook *Psalmsang* word ingevoer.

Tug teen losbandigheid en slegte lewe word gehandhaaf en vyandskap ontvlam.

Calvyn, Farel en nog 'n kollega word in 1538 uit Genève *verban*, veral omdat hulle daarop aangedring het dat geloofsbelydenis 'n voorwaarde vir nagmaal is. Calvyn gaan daarop (op uitnodiging van die Duitse hervormer, Martin Bucer) na Straatsburg, destyds 'n Duitse stad.

## 3. Straatsburg, 1538-1541

In hierdie stad waar die Duitse reformator, Martin Bucer, die leiding neem, is Calvyn predikant van 'n klein Franse vlugtelingsgemeente. Sterk onder die indruk van die Duitse gemeente se kerksang gee Calvyn die eerste Psalmboek uit met 18 Psalms sowel as die Apostoliese Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels), die Lofsang van Simeon en die berymde Tien Gebooië.

Verder verskyn die tweede, uitgebreide uitgawe van sy *Institusie*.

Hier skryf hy sy uitstaande kommentaar op Romeine. Die brief aan die Romeine – so sê Calvyn – is die poort om toegang te kry tot verstaan van res van Bybel.

In Straatsburg tree hy ook in die huwelik met die weduwee *Idelette van Buren*.

Op versoek van die stad Genève skryf Calvyn hier sy beroemde *Antwoord aan Kardinaal Sadoletus* – 'n baie belangrike geskrif – een van die beroemdstes van die Reformasie – wat die standpunt van die Hervorming skitterend verdedig.

Genève sien hulle fout van 1538 in en in 1541 word Calvyn terugberoep.



*Johannes Calvyn, die groot Kerkhervormer van Genève.*

#### 4. Genève, 1541-1564

Calvyn werk ontsettend hard – slaap dikwels slegs vier uur per nag. Preek tien keer per week; elke dag ’n lywige korrespondensie; bestudeer Bybelboek na Bybelboek.

*Nuwe Kerkorde*. Streng toesig oor hele gemeente. *Vier ampte*: predikante, doktore (professore in teologie), ouderlinge, diakens.

*Nuwe Kategismus*. Organisasie vir Onderwys.

Calvyn se verkondiging roep baie teenstand op, byvoorbeeld van:

*Castellio*, rektor (hoof) van die Latynse skool.

*Ameaux*, fabrikant van speelkaarte, met ’n sedelose vrou.

*Perrin*, ’n vooraanstaande wat gekant was teen al die Franse vlugteling in Genève.

*Bolsec*, ’n mediese dokter en teoloog wat die uitverkiesingsleer verwerp. Ná Calvyn se dood het ’n biografie van hom oor Calvyn met baie leuens en lasterlikhede verskyn – bykans alle latere negatiewe bewerings oor Calvyn in die eeue wat sou kom, kan na hierdie ongeloofwaardige en onbegronde biografie teruggevoer word.

*Servet*, wat die leer van die Drie-eenheid verwerp.

*Calvyn se invloed* groei egter tot ver in buiteland. Sy boeke word deur duisendes gelees en hy korrespondeer met belangrike leiers in verskillende lande.

Idelette, sy vrou, sterf in 1549. Hy troos haar met die “leer” – Christus se onderwysing.

In 1549 word ’n ooreenkoms tussen Genève en Zurich (Calvyn en Bullinger) bereik om die Gereformeerde kerke nader aan mekaar te bring (die *Consensus Tigurinus*).

In 1559 word die Akademie (*Universiteit*) van Genève gestig.

Een van die studente by Calvyn was *Casper Olevianus* – hy sou later dien in die kommissie wat die *Heidelbergse Kategismus* saamgestel het.



In 1559 verskyn ook die laaste Latynse uitgawe van die Institusie (die laaste Franse uitgawe in 1561) – ’n enorme Gereformeerde leerboek in vier dele, vandag nog uiters belangrik.

Calvyn sterf op 27 Mei 1564 in Genève. Aangrypende getuienis op sy sterfbed. Sy graf onbekend.

*Calvyn se betekenis: Hy stel die eer en soewereiniteit van God as hoogste doel en betrek die Evangelie op alle lewensterreine.*

## **John Knox (1515-1572)**

*Skotse hervormer* en leerling van Calvyn. Volg Calvyn se leer feitlik konsekwent.

Hy tree in 1547 na vore as die stad St. Andrews (Oos-Skotland) met sy gereformeerde kerk deur Franse soldate beleër word. Knox word gevang en word vir 19 maande lank ’n *galeislaaf* – ’n vreeslike marteling.


Daarna word hy predikant in Engeland, maar in 1554 moet hy vir koningin “Bloedige Maria” en haar vervolging van protestante vervolg. Daarop beland hy in Genève waar hy ’n troue volgeling van Calvyn word. Hy bedien ook ’n vlugtelinggemeente in Duitsland en in Genève.

In 1559 keer Knox finaal terug na Skotland en word daar die leier wat Skotland oorhaal tot die Hervorming. Hy sorg ook vir ’n eie Gereformeerde Belydenis en Kerkorde.

*Ander lande* waar die Gereformeerde (Calvinistiese) Hervorming sterk deurgedring het, was *Nederland, Engeland, gedeeltes van Duitsland* (byvoorbeeld die Palts en Brandenburg), *Pole, Bohemië* en *Hongarye*. Tragies is dit dat die Gereformeerde Kerk in baie van hierdie lande feitlik heeltemal veld verloor het. In Frankryk, geboorteland van Calvyn, is die gereformeerde kerke in die sewentiende eeu met brute geweld feitlik uitgewis.

## Vrae:

1. Wat was die vier periodes in die lewe van Calvyn?
2. Noem die belangrikste boek wat Calvyn geskryf het.
3. Watter soort liedere het Calvyn in die kerk laat sing?
4. Wat is vir Calvyn die grootste doel van alles?
5. Watter persoon wat betrokke was by die opstel van die Heidelbergse Kategismus het ook in Genève studeer?
6. Tot watter lande het die Calvinisme deurgedring?
7. Wie was die beroemde Skotse Hervormer? Vertel iets van sy lewe en werk.



*John Knox, die Skotse Hervormer en volgeling van Calvyn.*

## 13 DIE VYANDE VAN DIE HERVORMING

Die Pous en die Roomse Kerk het die Hervorming van die begin af met alle mag bestry. Eers was dit plaaslike vervolging van die protestante, maar gaandeweg het dit uitgebrei tot 'n geweldige organisasie om in alle lande waar dit kon die Hervorming dood te druk. Ons noem hierdie beweging die *Kontrareformasie* (= teen die Hervorming).

### Die Jesuïete-orde

*Ignatius van Loyola* stig in 1534 'n fanatieke, militante beweging met die naam van die “Vereniging van Jesus” (die Jesuïete-orde), om alle “kettere” en dus ook die protestante te bestry. Hulle word 'n groot invloedryke mag in die Roomse Kerk.

### Die Konsilie van Trente 1545-1563

In plaas daarvan dat die Roomse Kerk ingaan op die besware van die Hervormers en die geskilpunte gaan toets aan God se woord, gaan hulle eerder verder om die valse leer te bekragtig. Dit gebeur by die jarelange Konsilie (Sinode) van Trente. Daar word die *tradisie* gelykgestel met die Heilige Skrif, die *Maria-verering* goedgepraat, sowel as die *mis* in die plek van die Nagmaal, die *vagevuur* en die *aflaat* as die suiwer leer verklaar. Verder word almal wat nie daarmee saamstem nie, met die *banvloek* getref.

Deur hierdie sinode het die kloof tussen Rome en die Hervorming onoorbrugbaar geword.

### Die Roomse Inkwisisie

Die pous het besluit dat alle kettere uitgeroei moet word. Daarvoor is 'n “Heilige Instituut”, die *Inkwisisie* ingestel. Hiervoor is die *staatsmag* se hulp ingeroep en oral waar dit moontlik was, is die protestante

doodgemaak, tensy hulle die gereformeerde geloof herroep. Dit was 'n  
verskriklike, bloedige vervolging en duisende het onder die Inkwisisie

gesterf. In Italië, Spanje, Oostenryk en Pole het hulle dan ook feitlik volledig daarin geslaag om die Hervorming dood te druk – tot vandag toe sien ons die gevolge.

## **Vervolging van die Hugenote**

In Frankryk is die Hervorming met alle mag van die begin af onderdruk. Konings Frans I en Hendrik II het dit in die sestiende eeu met die grootste wreedheid gedoen. Op baie plekke was daar ’n bloedbad soos wat die Gereformeerdes uitgeroei is.

Die Gereformeerdes het egter teruggeveg en ook leiers onder die adel gehad soos byvoorbeeld die beroemde admiraal, *Gaspard de Coligny*. Hierdie vervolgte Gereformeerdes is *Hugenote* genoem (waarskynlik van die woord “Eedgenote”).

Toe volg die wrede *Bartholomeüs*nag op 23-24 Augustus 1572. Die bruilof tussen die protestantse prins *Hendrik van Navarre* met ’n suster van koning Karel IX se feesviering het plaasgevind. Op ’n verraderlike manier word honderde Gereformeerdes by die bruilof vermoor, waaronder De Coligny. Ten minste 20 000 (twintigduisend) sterf daardie nag en die volgende dag in Frankryk – onder hulle die meeste Gereformeerde kerkleiers.

Later sou die *Edik van Nantes* (1598) weer ’n mate van vryheid aan die Gereformeerde kerke gee. In 1685 herroep koning Lodewyk XIV hierdie wet egter en weer eens sou derduisende Hugenote sterf of die land uit moes vlug. Baie van hulle land in Nederland, van wie sommige weer in 1688 na Suid-Afrika kom – ’n wonderlike versterking vir die ontwikkeling en ontstaan van die Afrikaanse volk en sy Gereformeerde godsdienste.

## **Die Anabaptiste (Wederdopers)**

Die Hervorming in die sestiende eeu het nie alleen teenstand van die kant van die Roomse Kerk ondervind nie, maar ook van die kant van die beweging van die *Anabaptiste*.

Hulle was fanatieke geesdrywers wat weinig waarde aan die Heilige Skrif geheg het. Alhoewel hulle vyandig gestaan het teenoor die Roomse Kerk het hulle ook die Hervorming bestry en heeltemal afgewyk van die gereformeerde beginsels.

Hulle verwerp die Bybel as enigste bron van waarheid en maak staat op 'n sogenaamde “inwendige lig”.

Hulle verwerp die *kinderdoop* en loën die Skriftuurlike verbondsleer. Hulle weier om krygsdiens vir die staat te doen en verwerp die aflê van 'n eed.

Die Hervorming word gesmaad en belaster.

Leiers onder hulle was *Thomas Müntzer* (in Duitse gebied), *Melchior Hoffmann* (in Duitse, Skandinawiese, Baltiese en Nederlandse gebiede); *Jan van Leiden* (veral in Münster) en *Menno Simons* (ofskoon laasgenoemde nie so radikaal soos die ander was nie).

In sy brief aan *Kardinaal Sadoletus* sê *Calvyn* duidelik dat die Hervorming nie alleen op een front naamlik teen die Roomse Kerk 'n stryd het nie, maar ook op die ander front teen die geesdrywers van die Anabaptiste. Beide skei die Gees van die Woord.

## Vrae:

1. Wat noem ons die beweging in die Roomse Kerk wat teen die Hervorming gekant was?
2. Wie was die stigter van die Jesuïete-orde en wat het hulle beoog?
3. Het die Roomse Konsilie van Trente ingegaan op die besware van die Hervormers?
4. Wat was die Roomse Inkwisisie?
5. Wie was die Hugenote en watter betekenis het hulle vir ons in Suid-Afrika?
6. Wat het op die datum 23-23 Augustus 1572 gebeur en hoe staan dit bekend?
7. Wie was Gaspard de Coligny?
8. Wat weet jy van die Edik van Nantes?
9. Wie was die Anabaptiste?



## 14 DIE GROOT SINODE VAN DORDRECHT 1618-1619

Nederland was een van die lande waar die Gereformeerde (Calvinistiese) Hervorming die sterkste deurgewerk het. Vir ons in Suid-Afrika is dit van baie groot belang omdat ons juis ons godsdiens oorspronklik van Nederland gekry het.

Teen die begin van die sewentiende eeu (bykans 50 jaar voor die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika), het daar egter in die Nederlandse Gereformeerde kerke 'n *groot beroering* ontstaan wat uiteindelik uitgeloop het op die belangrike *Sinode van Dordrecht* in 1618-1619.

*Arminius*, 'n professor in teologie van Leiden, het die Bybelse opvatting van die leer van die *uitverkiesing* verwerp en verkondig dat die mens alleen uitverkies kan word as hy glo. Hiermee het sekere standpunte van *Pelagius* (kyk les 5) weer in die kerk ingekom. Arminius is heftig teengestaan deur 'n ander teologiese professor, *Gomarus*. Dit het uitgeloop op 'n heftige leerstryd sodat daar in die jaar 1618 'n sinode in Dordrecht saamgeroep is.

Die voorstanders van Arminius se leer is die *Remonstrante* genoem (omdat hulle met 'n geskrif in vyf punte 'n betoeg, *Remonstransie*, voorgelê het).

By hierdie sinode, wat ook deur afgevaardigdes van ander lande bygewoon is, is toe die bekende *Vyf Artikels teen die Remonstrante*, ook genoem die *Dordtse Leerreëls*, opgestel.

Die *Dordtse Leerreëls* wat 'n uiteensetting van die Bybelse opvatting oor die leer van die *uitverkiesing* gee, is een van die drie *Formuliere van Enigheid* (die drie reformatoriese belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke).

Die ander twee belydenisskrifte is:

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* wat in 1561 opgestel is deur *Guido de Brès* en die

*Heidelbergse Kategismus* wat in 1563 in die stad Heidelberg in Duitsland opgestel is deur 'n kerklike kommissie.

## **Die Dordtse Kerkorde**

By dieselfde sinode van Dordrecht (1618-1619) is die *Bybelse beginsels* van hoe die kerk regeer moet word ook weer in 86 artikels bevestig. (Baie van hierdie artikels was reeds in verskillende formuleringe sedert die sestiende eeu vasgestel.) Dit staan bekend as die *Dordtse Kerkorde*. By Gereformeerde kerke wat getrou gebly het aan die Hervorming is hierdie kerkorde vandag nog in gebruik. Dit is nie bedoel as 'n *kerkwet* nie, maar beskryf hoe die *orde* en die *reg* van die plaaslike gemeente en die kerkverband volgens die Bybel toegepas word. Afwyking van hierdie Bybelse beginsels het dan ook dikwels in die geskiedenis gelei tot afval en vervalsing van die kerkregering en loslating van die tug; daarop begin die kerk wêreldse metodes volg.

## **Die Statevertaling van die Bybel**

Vir ons in Suid-Afrika is dit baie belangrik om te weet dat die groot sinode van Dordrecht ook besluit het om die Bybel uit die grondtale (Hebreeus en Grieks) in Nederlands te vertaal. Dit is immers dieselfde Bybel wat Jan van Riebeeck en sy mense saam met hulle gebring het en wat ook saam met die Voortrekkers in die binnelande van Afrika ingedra is. Tot in 1933 (dit wil sê vir sowat 300 jaar) was dit die Bybel van die Afrikaanse volk en sy voorsate.

Hierdie Bybel was die bekende Statebybel, genoem na die Stategeneraal, die regeerliggaam van Nederland wat die opdrag laat uitvoer het. Die groot waarde was verder dat hierdie Bybel voorsien was met

“kanttekeninge” of ’n vers-vir-vers *verklaring* in die gees van die Hervorming – dus gereformeerd.

## **Die belangrikheid van die Dordtse sinode vir Suid-Afrika**

1. Die manne van die volksplanting in 1652 (Van Riebeeck en sy mense) het almal hierdie gereformeerde belydenis vars en van kindsbeen af geleer, want dit was skaars 30 jaar daarna. (Die ouderdom van hierdie eerste pioniers het gewissel tussen ongeveer 25 en 35 jaar.)
2. Die Here God het dit so beskik dat dit nie ’n afgewaterde gereformeerde belydenis was wat na die suide van Afrika ingedra is nie, ook nie ’n valse godsdiens nie, maar helder en duidelik kan ons dit aanwys – belydenis in sy suiwerste vorm. Dit is hierdie boeke wat in die wakies van die Voortrekker was maar ook op die eensaamste plaas ver in die binnelande gelees is:

die *Statebybel* waaruit huisgodsdiens gehou is en die kinders geleer is;

die *Nederlandse Geloofsbelydenis* waarin die gereformeerde leer so helder, bondig maar tog volledig, vertolk word;

die *Heidelbergse Kategismus*, die beste gereformeerde onderwysboek vir die leer;

die *Dordtse Leerreëls* wat die kardinale leerstuk oor die troos van die uitverkiesing volgens die Bybel bo alle twyfel stel;

die *Psalmboek* wat die gereformeerde kerklied vir ons mense gegee het, met die Woord sentraal.

Dit is baie duidelik: Die lyn van die kerkgeskiedenis na Suid-Afrika sluit aan by die Sinode van Dordrecht in 1618-1619. As ons dit nie vashou nie, raak ons verward en verstaan ons nie meer mooi waar die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vandaan kom nie.

## Vrae:

1. Wat was die dwaling van Arminius en die Remonstrante?
2. Wie het die Vyf Artikels teen die Remonstrante opgestel en hoe word hierdie stuk ook genoem? Waaroor gaan dit?
3. Noem die drie Belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke en waar word dit vandag nog in ere gehou?
4. Wat is die Dordtse Kerkorde en watter kerke in Suid-Afrika bly nog daaraan getrou?
5. Waarom is die Statebybel vir ons so belangrik?
6. Watter liedere moet volgens die gereformeerde oortuiging in die kerk gesing word.
7. Watter godsdienstige boeke het die Voortrekkers gebruik?

## 15 VERVAL VAN DIE GEREFORMEERDE KERK NÁ DORDT – SEWENTIENDE EN AGTIENDE EEU

Voordat ons die lyn van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika gaan volg, moet ons net eers sien wat in Nederland verder gebeur het.

### 'n Tragiese ontwikkeling

Vanaf ongeveer 1650 en daarna, deur die loop van die res van die eeu, het daar geleidelik weer algemene verval in die Gereformeerde Kerk van Nederland ingetree. Sinlose twiste oor die sabbat en die verbond het ontstaan tussen volgelinge van onderskeidelik *Voetius* (1589-1676) en *Coccejus* (1603-1669). Strominge soos die *Humanisme* (= die mens in die middelpunt), die *Rasionalisme* (= die mens se rede of verstand die belangrikste) en die *mistiek* (= om te leef uit die sogenaamde “inwendige lig van die Gees” en nie soseer uit die Woord nie) het die kerk binnegedring.

In die kerklike lewe het die *tug* verslap.

In die teologie het *vrysinnigheid* (om nie aan die Bybel gebonde te wees nie) ingekom.

Die staat het *liberaal* geword (dit wil sê nie meer gebonde aan vaste Bybelse beginsels nie).

Die staat wou nie toelaat dat daar meer *sinodes* gehou word nie.

Teen die einde van die agtiende eeu het die idees van die Franse Rewolusie die kerk oorwoeker – “vryheid, gelykheid, broederskap”.

Die *gevolge* was geweldig nadelig:

## 1. Die leer

In die plek van die *ortodokse* (= die *regte*) leer kom vrysinnigheid.

In die plek van die suiwer prediking wat die Skrif vir die mense verklaar, kom soetsappige praatjies om die gemoedere te streef.

In die plek van die eer van God word die *deugsame mens* gepreek.

In 1807 is 'n *vrysinnige Gesangboek* ingevoer, sonder dat dit deur 'n algemene sinode of ander meerdere (kerklike) vergadering goedgekeur is.

## 2. Die lewe

Meer en meer het 'n wêreldse gees in die kerk posgevat.

Vormdiens en uiterlike vertoon het die eenvoudige erediens volgens die Woord verdring.

'n Groot deel van die kerkvolk het verval in *ongeloof* en *bygeloof* omdat die sekerheid van die vaste beloftes van die Evangelie nie meer gepreek is nie.

## 3. Die kerkregering

Gaandeweg het die plaaslike gemeentes hulle selfstandigheid verloor en het die mag en gesag oor die kerk al hoe meer in die hande van "hoëre" besture gekom. In 1816 het koning Willem I so ver gegaan om die kerk te plaas onder die mag van 'n "*kerklike Bestuursreglement*" waardeur die Dordtse Kerkorde omvergewerp word. Hy maak die Gereformeerde Kerk nou *staatskerk*; die naam word voortaan die *Nederlandse Hervormde Kerkgenootskap*. So word die plaaslike kerke (gemeentes) *onderdele* (plaaslike takke) van die groot "*genootskap*".

**Samevatting:** Teen die begin van die negentiende eeu was die toestand van die kerk in Nederland so treurig en vervalde, dat 'n *nuwe reformasie* dringend noodsaaklik was.


Ook vir Suid-Afrika het die feit dat die Gereformeerde kerk in Nederland na die Sinode van Dordrecht so agteruitgegaan het, niks goeds ingehou nie, intendeel – ook hier sou die kerk weldra die wrange vrugte pluk omdat dit Nederland slaafs gevolg het.

God sou egter weer nuwe reformatie bring ... in Nederland en in Suid-Afrika.

### **Vrae:**

1. Wat word verstaan onder Humanisme, Rasionalisme en Mistiek?
2. Het daar ná die Sinode van Dordrecht weer enige nasionale Sinode in Nederland in die sewentiende en agtiende eeu plaasgevind? Waarom nie?
3. Wat weet jy van die idees van die Franse Rewolusie?
4. Wat beteken dit om vrysinnig te wees in die kerk?
5. Wat het met die Dordtse Kerkorde teen die begin van die negentiende eeu in Nederland gebeur?
6. Wat was die plek van die plaaslike kerk (gemeente) onder die nuwe organisasie van koning Willem I?
7. Was die ontwikkeling van die kerk in Nederland vir Suid-Afrika in die sewentiende en agtiende eeu ten goede of ten kwade?





Die Reformasie, sestiende eeu



*Die saal waarin die groot Sinode van Dordrecht in 1618 tot 1619 plaasgevind het.*

## 16 DIE AFSKEIDING VAN 1834

Die treurige toestand van die Hervormde Kerk (vroeër gereformeerde kerke) in Nederland nadat die staat dit tot 'n *genootskap* verklaar het, het geroep tot reformasie. Dit kom ook na vore in die geskifte van gereformeerde digters soos *Bilderdijk en Da Costa*. Onder baie getroues aan die ou beproefde Belydenis was daar 'n verlangete om terug te keer na die ware diens van die Here volgens die Bybel:

Jesaja 8:20: “Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.”

Jeremia 6:16: “So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel.”

### **Ds. Hendrik de Cock van Ulrum**

In prediking en geskifte verdedig hy die Gereformeerde leer. Hy skryf ook 'n stuk waarin hy die onregsinnigheid van die Gesange en die onwettige invoer daarvan aantoon.

Hieroor word hy in 1833 deur die provinsiale “kerkbestuur”, sonder dat hy ooit aangehoor is of dat sy kerkraad geken is, geskors en afgesit. Hy word beskuldig dat hy die “verderflike saad van oproer en verdeeldheid strooi en die goeie orde in die kerk omvergooi”. Hier het ons 'n tipiese manier van doen: as daar opgekom word vir die gereformeerde waarheid, dan word dit gesien as “die orde omvergooi”.

Talle ander predikante met hulle gemeentes voeg hulle egter by ds. De Cock. Dit lei op 13 Oktober 1834 tot 'n *Afskeiding* van die Hervormde Kerkgenootskap.

## **Die Akte van Afskeiding**

In die stuk wat vir die Hervormde Kerkgenootskap opgestel is kom duidelik uit dat die Afgeskeidenes hulle beroep op die merktekens van die ware kerk volgens art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, naamlik die *suiwer prediking van die Woord*, die bediening van die *sakramente* soos wat Christus dit ingestel het en die handhawing van die *kerklike tug*, volgens God se Woord.

Dit is ook duidelik dat hulle geen keuse gehad het nie, omdat die “kerkbesture” hardnekkig geweier het om hulle enigsins te woord te staan: “Classicale, Provintiale en Sinodale Kerkbesturen hebben dit allerbillikste verzoek geweigerd ...”

Een ding is baie duidelik: Met die grofste hiërargie van “kerkbesture” buite die kerkraad om, is hierdie mense wat gepleit het vir die suiwer bewaring van die Woord buite die kerk uitgestoot. Die Akte van Afskeiding getuig dan ook van die “hoogs onregmatige en ongodelike skorsing” van hulle leraar wat teen die valse leer getuig.

Voorts wys hierdie Akte daarop dat die “kerkbesture” onderwerping eis aan reglemente en voorskrifte wat nie op God se Woord gegrond is nie – net soos wat die Roomse Kerk doen.

### **Ds. Dirk Postma (1818-1890)**

Omdat ds. Dirk Postma, een van die stigters van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg in 1859, ’n predikant van die kerk van die Afskeiding van 1834 was, is dit baie belangrik om hierdie feite te weet.

Van 1840 to 1858 was hy predikant van verskeie gemeentes wat as Gereformeerde Kerke hulle afgeskei het van die Hervormde Kerkgenootskap. Hy was ook een van die oprigters van die Teologiese Skool van Kampen in 1854 en het by die opening die woord gevoer. Daarby was hy ’n leiersfiguur op die sinodes van die Gereformeerde Kerke en het ook op die eerste Kuratorium van die Teologiese Skool gedien.

Ds. Dirk Postma was dus ten volle deurdronge van die gees van die Afskeiding van 1834 – die ortodokse gereformeerde leer wat die kerk weer wou teruglei na die Skriftuurlike beginsels van die Hervorming en Dordrecht.

In 1858 sou hy na Suid-Afrika kom.

## Die Afskeiding en reformasies in ander wêrelddele

Nie alleen in Nederland het daar reaksie teen die kerklike verval in die negentiende eeu gekom nie, maar ook in ander wêrelddele waar die gereformeerde waarheid geloën is en die kerk deur vrysinnigheid verval het. Ons noem slegs enkele:

- die afskeiding (“Disruption”) van die *Skotse kerk* in 1843,
- die afskeiding in *Switserland* in 1831,
- die afskeiding in *Noord-Amerika* in 1857,
- die afskeiding in die Duitse gebiede, *Graafskap Bentheim* en *Oos-Friesland*, tussen 1838 en 1861,
- die afskeiding in *Suid-Afrika* in 1859.

### Vrae:

1. Waarom was daar weer ’n reformasie in Nederland aan die begin van die negentiende eeu nodig?
2. Waaroor is ds. Hendrik de Cock geskors en afgesit as predikant?
3. Wat is die drie merktekens van die ware kerk volgens art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelofte?
4. Is die beswaardes wat saam met ds. De Cock gegaan het ooit aangehoor?
5. Het die Dordtse Kerkorde nog gegeld in die optrede teen ds. De Cock?
6. In watter kerke in Nederland was ds. Dirk Postma ’n predikant en watter Teologiese Skool het hy help oprig?
7. Wanneer het ds. Dirk Postma na Suid-Afrika gekom?



*Ds. Hendrik de Cock met wie dié Afskeiding in 1834 begin is.*

## 17 DIE DOLEANSIE 1886

*Doleansie* kom van 'n Latynse woord wat *treur* of *kla* beteken. *Dolerende kerke* beteken dus letterlik *treurende kerke* (treurend oor onreg en die toestand van die kerke).

Na die Afskeiding van 1834 het die toestand in die Hervormde Kerkgenootskap nie verbeter nie, dit het eerder versleg. Vrysinnigheid het nog net meer posgevat.

Proteste en besware kom egter aanhoudend.

Gaandeweg tree *dr. Abraham Kuyper* na vore as leier van die beswaardes.

Saam met ander teoloë soos *dr. F.L. Rutgers* en *dr. W. van den Berg* word die hiërgargie (oorheersing) van die kerkbesture in die kerk beveg. Teen die valse kerkregering stel hulle weer die suiwer kerkreg van die Dordtse Kerkorde: *Christus regeer die kerk*.

### **Die ondertekeningsformulier vir predikante**

Die Hervormde kerk het besluit dat predikante nie meer die Belydenis (Drie Formuliere van Enigheid) hoef te onderteken OMDAT dit ooreenkom met God se Woord nie, maar alleen IN SOVERRE dit ooreenkom. Met ander woorde die predikant hoef sekere dele van die Belydenis nie te aanvaar nie – dus vrysinnigheid.

In 1882 gaan die hervormde kerkbestuur nog verder: by die ondertekeningsformulier vir proponente word alle verwysings na die Bybel geskrap en alleen 'n belofte afgelê dat die belange van die Godsryk ooreenkomstig die kerk se verordeninge behartig sal word.

Verskeie kerkrade stel dit nou as voorwaarde dat hulle nie 'n predikant sal beroep wat nie die Belydenis onvoorwaardelik onderteken nie.



## Die Doleansie

Die kerkraad van Amsterdam onder leiding van dr. A. Kuyper neem die voortou in die protes. Die kerkbestuur van die Hervormde Kerk slaan egter toe en 5 predikante en 80 ouderlinge word geskors. Dit was in Julie 1886.

Hierop volg 'n stroom van proteste en oral in die land word *dolerende kerke* gevorm wat hulle losmaak van die Hervormde Kerkgenootskap, weer die *Drie Formuliere van Enigheid* as Belydenis onderskryf en die Dordtse Kerkorde aanvaar as die *Bybelse kerkregering*.

## Die Vrye Universiteit van Amsterdam

Intussen het dr. Kuyper reeds in 1880 die Vrye Universiteit gestig as 'n verset teen die gees van liberalisme. Hierdie universiteit was inderdaad 'n Christelike Universiteit in Nederland en sy grondslag was die Drie Formuliere van Enigheid, dit wil sê die Gereformeerde Belydenis.

Met die Doleansie het hierdie inrigting toe van oor die hele land ondersteuning gekry en spoedig was dit een van die kragtigste bolwerke vir die Calvinisme.

Van groot belang vir ons in Suid-Afrika is die feit dat daar 'n noue band tussen die Vrye Universiteit en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het.

Die eerste Suid-Afrikaner wat aldaar sy doktorsgraad in teologie behaal het, was J.D. du Toit, die latere bekende digter Totius, teoloog en Bybelvertaler. Saam met hom was ook F. Postma, wat later die eerste rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sou word. Aan die begin van die twintigste eeu het hulle by die Vrye Universiteit 'n vorming ondergaan wat vir die Gereformeerde Kerke tot groot diens was. Ook het die teoloë A. Kuyper, H. Bavinck en F.L. Rutgers groot invloed op die gereformeerde teologie en kerklike lewe in Suid-Afrika gehad.

Tragies is dit om te meld dat die Vrye Universiteit van Amsterdam na die Tweede Wêreldoorlog gaandeweg van sy oorspronklike grondslag afgestap het. Vrysinigheid selfs erger as waarteen Kuyper moes stry, het die oorhand gekry.

Hier het ons die tragiek wat hom so dikwels in die Kerkgeskiedenis afspeel – na enkele geslagte word die Woord en Belydenis verlaat en die reformasie tot niet gemaak deur eiewillige godsdiens en vrysinigheid.

### **Vereniging tussen kerke van die Afskeiding en Doleansie**

In 1892 het die twee groepe Gereformeerde Kerke (die Christelike Gereformeerde Kerke uit die Afskeiding en die Gereformeerde Kerke uit die Doleansie) saamgekom en hulle is verenig onder die naam Gereformeerde Kerke in Nederland. Daar moet egter genoem word dat enkele gemeentes uit die oorspronklike Afskeiding, die Christelike Gereformeerde Kerke, nie met die vereniging van 1892 meegegaan het nie. Mettertyd het vele ander gemeentes hulle by hierdie kerkverband gevoeg en dit het verder as die Christelike Gereformeerde Kerke bly voortbestaan, in onderskeid van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Daarna het daar 'n pragtige bloeityd gevolg en die gereformeerde invloed in Nederland het op feitlik alle terreine sterk na vore getree byvoorbeeld op die gebied van die onderwys, die politiek en die algemene lewe.

Vandag is die toestand egter droewig. Alleen binne bepaalde gereformeerde kerkgroeperinge word die belydenis volgens God se Woord en die suiwer kerkregering nog bewaar.



## Vrae:

1. Wat beteken die woord Doleansie letterlik?
2. Wie was die groot leier van die dolerende kerke?
3. Hoe is die gereformeerde Belydenis in die onder-tekeningsformuliere geminag?
4. Op watter grondslag is die Vrye Universiteit van Amsterdam opgerig?
5. Watter twee beroemde Suid-Afrikaners het aan die Vrye Universiteit gestudeer?
6. Wat het later met hierdie universiteit gebeur?
7. Wat is vandag die toestand van die gereformeerde kerke in Nederland?



*Ds. Abraham Kuyper, die leier van die*

*Doleansie in 1886.*

## **DEEL 2**

# **SUID-AFRIKAANSE KERKGESKIEDENIS**







## 18 DIE KERK IN AFRIKA

### Noord-Afrika

Vanaf die eerste eeu al het die Evangelie in Noord-Afrika posgevat. Teen die einde van die eerste eeu bestaan daar reeds groot gemeentes. Beroemde kerkvaders van die eerste eeue kom uit Afrika, byvoorbeeld Clemens, Orignes, Tertullianus, Cyprianus en Augustinus.

Die uitbreiding van die kerk in Noord-Afrika was in die eerste eeue buitengewoon groot – in die derde eeu reeds 900 gemeentes.

Toe kom die tragiese agteruitgang: onderlinge twiste het die kerk begin verskeur en die Vandale het die kontinent vanuit die noorde in die vyfde eeu binnegeval.

Van die sewende eeu af volg die donkerste bladsy in die geskiedenis van die Noord-Afrikaanse kerk: die Arabiese Moslems met die godsdien van die *Islam* stroom oor die noorde van die kontinent.

In die jaar 715 is die Christelike kerk in Noord-Afrika (met uitsondering van die Koptiese kerk in Egipte) so te sê heeltemal vernietig.

Die keuse wat die Islam aan die Christene gestel het was meedoënloos: verlaat die kerk of verlaat die land. So het duisende christene na Europa gevlug. Ander is vermoor of onder gewapende dwang geforseer om hulle geloof te verloën.

Vir byna 1000 jaar sou die geweldige kontinent van Afrika in die greep van die heidendom lê.

Maar God het weer sy Evangelie gestuur. In die sewentiende eeu sal dit van die suidpunt van die “Stormkaap” af – intussen die “Kaap van Goeie Hoop” – begin. Met die nedersetting aan die Kaap in 1652 vanuit Nederland sou die kerk weer in Afrika ’n nuwe vastrapplek kry.

### Pogings van die Roomse Kerk

Reeds vóór die koms van Jan van Riebeeck was daar sporadiese sendingpogings in die Portugese kolonies Angola en Mosambiek. Dit was deur die Roomse Kerk. In 1505 woon daar al christene by die fort Sofala, 30 km suid van Beira (Mosambiek).

In 1560 arbei die Roomse Jesuïete (kyk oor die Jesuïete, les 13) langs die Zambesirivier en hulle doop 500 inboorlinge. Dit is egter baie oppervlakkig en omdat die Evangelie nie gepreek word nie, sak hierdie mense weer spoedig terug tot die heidendom.

Vanaf 1577 gaan werk nog twee Roomse priesters in die noorde van Mosambiek en hulle rig kerke op by Sofala, Sena en Tête. Ook in Angola was daar sporadiese sendingpogings, maar helaas in ’n Roomse gees waardeur die kerk nooit werklik gevestig kon word nie – omdat die suiwer prediking ontbreek het.

### **Stranding van die “Haarlem” in 1647**

Die Nederlandse skip die “Haarlem” strand in 1647 in Tafelbaai. Die bemanning is veilig, maar hulle moet vir vyf maande daar oorleef. Leendert Janszen en Matthys Proot, twee van die bemanning vertel van die vooruitsig van geseënde sendingwerk onder die Khoikhoi (plaaslike stam). Die “Christelike Gereformeerde godsdiens” is onder die inboorlinge bevorder, so vertel hulle in hulle verslag.

### **Die nuwe beskikking vir Afrika**

Die kerk sou nie weer opnuut in Noord-Afrika geplant word nie ...

Die Evangelie sou nie vanuit die Portugese kolonies dieper in Afrika indring nie ...

Die (Roomse) Portugese seevaarders het wel kruise op die kuste van Afrika geplant, maar nie die Kruisevangelie nie ...

Dit sou egter die koms van die “Christelike Gereformeerde Godsdiens” wees waarmee God ’n nuwe offensief vir die kerk sou loods – uit die suide, toe Jan van Riebeeck en die mense saam met hom hulle op 6 April 1652 aan die Kaap kom vestig.

## Vrae:

1. Wanneer en waar het die Evangelie die eerste keer in Afrika deurgedring?
2. Hoe sterk was die kerk in Noord-Afrika teen die derde eeu?
3. Waarom het die kerk in Noord-Afrika verdwyn?
4. Waar in Suider-Afrika kry ons die eerste pogings van sendingwerk?
5. Het die Evangelie vanuit die Portugese kolonies verder in Afrika ingedring?
6. Onder watter omstandighede is die Evangelie vir die eerste keer aan inboorlinge aan die Kaap gebring?
7. Watter betekenis het die koms van Jan van Riebeeck vir die kerk in Afrika?

## 19 DIE GEREFORMEERDE KERK VANUIT NEDERLAND GEVESTIG

Die jaartal 1652 is baie belangrik. Die Sinode van Dordrecht (kyk les 14) het skaars 30 jaar vantevore plaasgevind. Die manne en vroue wat toe aan die Kaap kom woon het, het hulle katkisasie-onderrig ontvang toe hierdie Gereformeerde belydenis sterk beleef is. Juis in die eerste gebede wat opgeskryf is en in die ou dokumente kom ons dit agter.

### Die belangrikste kerkboeke

Vandag weet ons presies watter kerkboeke ons eerste stamouers saam met hulle na die Kaap gebring het. Dit was die volgende: die *Statebybel* met die verklarende aantekeninge, die *Psalmboek* met die *Belydenisskrifte* (*Ekumeniese Belydenisse* en die *Drie Formuliere van Enigheid*, sien les 14), en ook sekere formuliere soos byvoorbeeld vir die doop en nagmaal, ens.

### Die eerste 13 jaar (1652-1665)

Vir dertien jaar lank sou die mense alleen deur besoekende predikante uit Nederland bedien word. Verder sou die geestelike versorging deur “sieketroosters” waargeneem word. Hierdie sieketroosters moes preke voorlees en dienste hou, asook onderwys gee, siekes besoek ens. Hulle kon egter nie sakramente bedien nie en is streng gekeur.

Die hele kerklike bediening gedurende die eerste dertien jaar is deur die *Klassis Amsterdam* gereël.

### Die eerste predikant

Op 18 Augustus 1665 word *ds. Johan van Arckel* as die eerste vaste predikant ontvang en ’n *ouderling* en *diaken* word verkies. Daarmee is ’n *selfstandige gemeente* gestig, die eerste gemeente van die Kaaps-Hollandse kerk.

Op 23 Augustus doop ds. Van Arckel agt kinders van die setlaars en twee weke later nog nege kinders, waaronder agt kinders van slavinne.

Belangrik is dit dat die ouderlinge en diakens 'n *formulier* moes onderteken waarin hulle instem met die Gereformeerde Belydenis van die kerk in Nederland.

Binne vyf maande beleef die gemeente egter 'n groot terugslag want ds. Van Arckel sterf in Januarie 1666.

## **Twee remmende liggame**

Van die begin af was daar twee liggame wat die ontwikkeling van die kerk aan die Kaap vertraag het en die gemeente oorheers het:

1. **Die Klassis Amsterdam:** hierdie kerklike vergadering wat aanvanklik al die kerklike sake saam met die *Verenigde Oos-Indiese Kompanjie* (VOC) gereël het, het steeds voortgegaan om die gemeente se interne sake selfs vanaf 'n afstand van byna 10 000 km af te probeer organiseer. Vir die hele tyd wat die Kaap onder Nederlandse bewind was (tot aan die einde van die agtiende eeu) kon die broeders in Amsterdam maar net nie aanvaar dat daar 'n selfstandige kerk aan die Kaap is wat sy eie sake moet reël nie. Dit sou later slegte gevolge hê.
2. **Die staat:** die Staat het deur middel van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie die kerk nog verder onmondig gehou. Soos in Nederland wou die staat ook hier aan die Kaap 'n *staatskerk* hê en die Dordtse Kerkorde is nie toegepas nie. Ook dit het slegte gevolge gehad: 'n Kerk wat al die jare aan die staat onderhorig was. Die staat het die predikante se traktement betaal, die staat moes eers die ampsdraers goedkeur voor hulle bevestig kon word, die staat het sitting op die kerkraadsvergaderings gehad en moes baie van die besluite goedkeur. Die kerk is behandel as 'n departement van die staatsdiens.

Onder alle omstandighede – nuwe Afrikaanse land, die ontsaglike probleme, die optrede van die staat ens. – het die kerk tog uitgebrei en het hy sy pad gevind om nog eeue daarna voort te bestaan.

## **Vrae:**

1. Waarom is die jaartal 1652 vir die kerk in Suid-Afrika belangrik?
2. Watter belydenis het die eerste nedersetters aan die Kaap saam met hulle gebring? Noem die Belydenis-skrifte.
3. Hoe het die kerklike bediening die eerste dertien jaar plaasgevind?
4. Wie was die eerste predikant en wanneer is die gemeente gestig?
5. Wat was die houding van die Klassis Amsterdam teenoor die Kaapse kerk?
6. Watter plek het die staat ingeneem?

## 20 UITBREIDING TOT 1800

### **Stellenbosch die tweede gemeente**

Agter Tafelberg het die wye ruimtes van Suid-Afrika gelê. Stadig maar seker het ons eerste voorouers hulle verder in die binnelande gevestig. Hierdie mense was draers van die Evangelie en daarmee moes die kerk ook dieper in Afrika ingaan. So kom daar dan in 1683 'n versoekskrif van 'n dertigtal burgers in die omgewing van Stellenbosch (destyds 'n baie klein dorpie) wat vra vir kerkdienste en 'n onderwyser vir hulle kinders.

Goewerneur Simon van der Stel stuur toe vir *Sybrand Mankadan*, die eerste sieketrooster-onderwyser en in 1686 kom die eerste predikant daar preek, naamlik ds. Overney. In Januarie 1687 word die gemeente Stellenbosch gestig – die tweede gemeente van die Kaaps-Hollandse Kerk, twaalf jaar ná die gemeente in Kaapstad.

### **Koms van die Franse Hugenote 1688**

Onberekenbaar groot was die betekenis vir die kerk aan die Kaap dat daar in 1688 meer as 200 Franse Hugenote hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Hulle was gelouterde Gereformeerdes wat onder die bloedige vervolging uit Frankryk gejaag is en via Nederland 'n heenkome hier onder die vrye ruimtes van ons land gevind het.

Hierdie Franse vestig hulle hoofsaaklik langs die Bergrivier tot by Wagenmakersvallei, Drakenstein en Franschhoek.

As toegewydes in hulle godsdiens bring hulle ook nog hulle eie predikant, naamlik *ds. Pierre Simond* saam.

Die Franse Hugenote wat destyds twintig persent van die Kaapse bevolking met Europese herkoms getel het, het met hulle streng

gereformeerde opvattinge ’n sterk invloed op die kerk in Suid-Afrika uitgeoefen. Baie van ons bekende Afrikaanse vanne soos Du Plessis, Du Toit, Du Preez, Malan, Le Roux, Duvenhage, Marais, ens. kom van hulle af.

## **Spanning met die owerheid**

Een van die grootste teleurstellings van die Franse Hugenote was dat hulle nie deur die Politieke Raad toegelaat is om daar waar hulle gewoon het ’n eie gemeente te kon hê nie. Hulle is ingedeel by die kerk van Stellenbosch. Die doel van die owerheid was dan ook dat die Franse spoedig één met die res van die nuwe bevolking moes word; die Hollandse taal is aan hulle opgedring.

In 1689 rig die Franse Hugenote egter ’n versoekskrif aan die owerheid vir ’n eie gemeente. Die Goewerneur is woedend en verhoudinge is versteur. Eindelik keur die *Here XVII* (Bestuur van die *Verenigde Oos-Indiese Kompanjie*) dit onder streng voorwaardes goed soos byvoorbeeld dat alle kerkraadslede Hollands moet kan praat, dat die Politieke Raad sitting het op die kerkraad en dat die belangrike sake alleen deur die kerkraad van Kaapstad behartig moes word.

Ons sien hier weer hoe die staat hom in kerklike sake inmeng en hoe die staat die kerk met ’n harde hand regeer. Op 30 Desember 1691 is die gemeente *Drakenstein* gestig. Ds. Pierre Simond was hulle eerste predikant.

Hoogs interessant is dit dat ds. Simond hier in Suid-Afrika aan ’n *nuwe Psalmberyming* vir die Franse kerke in Europa gewerk het. Dit wou hy in 1700 aan die Franse Sinode gaan voorlê.

## **Gemeentes in die binnelande**

Langsamerhand het die setlaars se nasate dieper die binneland van Suid-Afrika ingetrek. Sodoende het groot getalle naderhand so ver gewoon dat hulle prakties nie meer by ’n kerk kon kom nie. Die besoekende goewerneur-generaal *Van Imhoff* was die man wat hierdie geestelike nood van die mense ver in die binneland raakgesien het en



hy dring daarop aan dat daar gemeentes in die grensgebiede gestig moet word.

So ontstaan die gemeente *Roodezand* (Tulbach) in 1743 en *Zwartland* (Malmesbury) in 1744.

Intussen gaan veral die veeboere steeds verder na die binnelande. In 1792 word so ver as *Graaff-Reinet* 'n gemeente gestig. In 1794 volg *Swellendam*. Hierdie proses sou vir baie jare voortduur: waar daar 'n Afrikaanse gemeenskap in die binneland ontstaan, word 'n gemeente gestig en daarmee ontstaan daar 'n dorp rondom die kerk. Die belangrikste kerkboeke wat hierdie mense saam met hulle geneem het was steeds die Statebybel met verklarende aantekeninge, die Psalmboek en die Belydenisskrifte. Daarby het hulle ook preekbundels en godsdienstige boeke van Nederlandse gereformeerdes soos Wilhelmus à Brakel, Abraham Hellenbroek en Bernardus Smytegelt saam met hulle geneem. Juis die Bybel was die belangrikste boek om die kinders te leer lees en skryf.

### **Vrae:**

1. Waar en wanneer is die tweede Kaaps-Hollandse gemeente in Suid-Afrika gestig?
2. Was die Franse Hugenate Rooms, Luthers of Gereformerd?
3. Het hulle enige invloed op die kerklike lewe van destyds gehad?
4. Onder watter voorwaardes kon hulle 'n gemeente stig?
5. Wat was die naam van hierdie gemeente?
6. Noem nog vier gemeentes wat in die agtiende eeu gestig is.
7. Watter kerklike en godsdienstige boeke het die pioniers in die binnelande gebruik?



## 21 DEFORMASIE VAN DIE KERK TOT 1800

'n Jammerlike toestand wat in die eerste honderd-en-vyftig jaar van die (Kaap-Hollandse) kerk se bestaan in Suid-Afrika ingetree het, was dat dit nooit onder die gesag van die Nederlandse kerk en die oorheersing kon uitkom nie. Die Klassis Amsterdam het dwarsdeur hierdie tyd so 'n greep op die kerk hier gehad dat die invloed van die Nederlandse kerk – juis die slegte invloed – nie kon uitbly nie.

### **Die verval (deformasie) in die Gereformeerde kerk in Nederland (kyk les 15)**

1. Na die Sinode van Dordrecht 1618-1619 het die Gereformeerde Kerke al hoe meer *staatskerk* geword en in die kerkregering is die Dordtse Kerkorde verdring.
2. Die *Rasionalisme* (dit is die verheerliking van die mens se verstand) het die Bybelse waarhede en die Belydenis gaandeweg verdring.
3. *Gevoelsgodsdienst* wat die mens se gemoed, sy gevoel beklemtoon, kom weer as 'n reaksie teen die verstandsgodsdienst – die mens se hart, die “inwendige woord” word grondslag vir die godsdienst en nie meer ten eerste die Woord van God nie. Hierdie rigting is ook genoem die *Piëtisme*. In Engeland staan 'n soortgelyke beweging met soortgelyke eienskappe in die kerk bekend as die *Metodisme*.
4. Die *moderne wetenskap* het onder invloed van die filosoof *Cartesius* (Descartes) groot invloed op die teologie gekry. Hiervolgens moet die waarheid langs die weg van logiese redenering gesoek word. Die gevolge was sleg: die Skrif as enigste bron van kennis vir die teologie raak op die agtergrond.
5. *Die gees van die Franse Rewolusie*: teen die einde van die agtiende eeu het baie predikante in die Gereformeerde Kerke in Nederland die beginsels van die Franse Rewolusie openlik

gepropageer. Toe Franse soldate Nederland beset het, is daar selfs in kerke dankdienste gehou, onder andere deur ds. Van der Palm van Middelburg en professor Heringa van Utrecht.

6. *Onwettige invoer van Gesange*: sonder dat 'n nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke daartoe besluit het deur dit te toets is die “Evangeliese Gesange” op 1 Januarie 1807 ingevoer. Die propagering daarvan kry ons al jare vantevore in die agtiende eeu. Die “Voorrede” van hierdie Gesangboek vertolk die *gees van die tyd*. Daarin word openlik gesê dat die kerkmense nie altyd deur die Psalms *gestig* word nie; daarom is daar nou Gesange nodig “om die egte godsdienslike gevoel by ons op te wek”.

### **Klassis Amsterdam se rol**

Die Klassis Amsterdam het homself na meer as honderd jaar nog altyd as die “voog” of soos wat sommige sê, die “moeder” van die kerk in Suid-Afrika beskou. By verskeie geleenthede het die Klassis van Amsterdam geweier dat die kerke aan die Kaap 'n eie kerkvergadering (Klassis) kan hou. In 1746 (sowat tagtig jaar sedert die ontstaan van die eerste kerkgemeente aan die Kaap) word selfs geweier dat die naam “classis” vir 'n vergadering van die verskillende gemeentes (kerke) gebruik word, want hulle mag nie self besluite neem nie ...

Amsterdam het sover gegaan om in 1759 die kerke aan die Kaap te belet om met ander gereformeerde kerke in Nederland in dieselfde kerkverband (Klassis Delft en Schieland) korrespondensie te voer.

Die gevolge van dit alles was vir die Gereformeerde Kaaps-Hollandse Kerk glad nie goed nie, intendeel, die kerke alhier is in onmondigheid gehou. Met die invloed vanuit Nederland het die *verval* in die Gereformeerde *belydenis* en *kerkregering* soveel makliker ingetree.

As De Mist later met 'n vrysinnige gees die kerklike sake in Suid-Afrika wil organiseer, is daar nie meer 'n enkele stem van protes nie. Die deformasie het toe alreeds ver gevorder.



## **Vrae:**

1. Waarom kon die kerk in Nederland vir ongeveer 150 jaar so 'n sterk houvas op die kerk in Suid-Afrika hê?
2. Waarin het die Gereformeerde Kerke in Nederland in die sewentiende en agtiende eeu so verval?
3. Op hoe 'n manier het die gesange in die kerk in Nederland ingekom?
4. Watter gees word in die "Voorrede" van die Gesangeboek vertolk?
5. Wat was die houding van Klassis Amsterdam oor die kerke aan die Kaap?
6. Wat was die gevolge van die verval van Nederland op die kerk in Suid-Afrika?

## 22 VERDERE DEFORMASIE – DE MIST

### Staatkundige verandering

In 1795 (met die Napoleontiese oorlog) verower Engeland die Kaap. In 1802 word by die Vrede van Amiens bepaal dat Nederland weer die Kaap in besit moet neem.

In 1806 sou Engeland weer eens die Kaap verower.

In hierdie tyd van 1802 tot 1806 wat Nederland weer geregeer het, kom daar ook in die kerk ’n groot verandering – feitlik ’n omwenteling wat deur Kommissaris J.A. de Mist en die owerheid bewerk is.

### De Mist se Kerkorde

De Mist, ’n bekwame organiseerder, het in ’n sekere sin ’n toestand van verwaarlosing in die kerk se organisasie aangetref. Hy het toe dadelik ingesprong om sake weer in orde te bring. Maar – en dit is belangrik om te weet – De Mist was glad nie ’n man van Gereformeerde Belydenis nie, intendeel, hy was besield met die liberale (vrysinnige) gees van die *Franse Rewolusie*. Dit blyk uit die nuwe *Kerkordinansie* wat hy vir die kerk in Suid-Afrika opgestel het en wat in 1804 ingevoer is.

Ons noem hierdie stuk ook soms *De Mist se Kerkorde*. Dit bestaan uit 52 artikels vir (let op die naam) die “*Hervormde Kerkgenootskap*” (kyk les 15, punt 3).

Uit hierdie Kerkorde van De Mist blyk die volgende:

1. *Hoe sien hy die kerk (wat is sy kerkbegrip)?* Dit is ’n *genootskap*, ’n menslike vereniging waarby jy vrywillig kan aansluit of waaruit jy kan bedank.
2. *Die kerk moet die staat dien* en goeie burgers vir die staat kweek.
3. Ook oor die vraag, *wie is God?*, hoor ons in De Mist se Kerkorde ’n taal wat heeltemal vreemd is aan die Gereformeerde

Belydenis. Nêrens word van die *Here* gepraat nie, maar slegs van 'n "*Hoogste Wese*".



4. Volgens De Mist is die *Sinode eintlik die kerk* en die *gemeentes is takke* daarvan. Die Sinode (kerklike vergadering) is die *hoofbestuur*, die gemeentes is ondergeskik daaraan en word dus van bo-af “bestuur”.
5. Die *skole* word heeltemal losgemaak van die ouers en die kerk se seggenskap en behoort alleen aan die staat. Dus: *alleen neutrale staatskole*.

## **Gevolge van De Mist se optrede**

Nog nooit is daar deur die staat op so ’n radikale manier in die kerk van Suid-Afrika ingegryp nie.

Al was die Dordtse Kerkorde eintlik nie konsekwent deur die gemeentes toegepas nie, is die Gereformeerde kerkregering nou met hierdie nuwe kerkorde finaal oorboord gegooi. Van nou af kry ons ’n stelsel wat gewoonlik die *Kollegialisme* genoem word.

*Kollegialisme* beteken: die “kollegium” (= die vereniging, vergadering, sinode, klassis, ring ens.) regeer of bestuur die ondergeskikte lede (= die gemeentes).

Hierteenoor stel die Gereformeerde kerkreg (Dordtse Kerkorde) dat elke gemeente ’n selfstandige kerk is wat alleen deur *Christus die Hoof* regeer word deur sy Gees en Woord (kyk ook lesse 1 en 6). ’n *Meerdere vergadering* (byvoorbeeld klassis, sinode) is ’n vergadering van *meer* kerke (gemeentes) wat saam oor *gemeenskaplike* sake besluit.

## **Slotsom**

Aan die begin van die negentiende eeu het die *deformasie* (verval) van die kerk in Suid-Afrika deur De Mist se optrede nog erger geword. Die kerk self is ontbloot in sy magtelose onmondigheid, sy gebrek aan gereformeerde insig, sy willose roepingsbesef en sy hopelose verslaaftheid aan die staat.

Op hierdie pad van die deformatsie het De Mist dan ook geen moeite gehad om die kerk nog verder van die suiwer koers te lei nie. Dit is nie De Mist wat al die skuld moet kry nie maar die reeds *gedeformeerde* kerk wat geen stem van protes laat hoor het nie.

## **Vrae:**

1. Noem die staatkundige veranderings in 1795 en 1802 en 1806?
2. Wie was J.A. de Mist?
3. Watter ingrypende ding het hy in die kerk van die Kaap gedoen?
4. Hoe sien De Mist die kerk en wat is daarmee verkeerd?
5. Wat is die verhouding tussen kerk en staat in De Mist se Kerkorde?
6. Wat is die kollegialisme en waarom is dit teen die Bybel?
7. Hoe is die onderwys volgens hierdie Kerkorde gereël?
8. Het die kerk self ooit geprotesteer teen hierdie nuwe kerkbeleid?

## 23 DIE KERK ONDER BRITSE BEWIND

In 1806 kom die Kaap weer onder Britse bewind. Nadat Napoleon in 1814 (en finaal in 1815) verslaan is, het die Engelse gekom om te bly. Die kerk is direk hierdeur geraak, want toe moes die Britse owerheid 'n oorwegend Hollandssprekende bevolking regeer. Mense met 'n totaal *vreemde kultuur* en lewensbeskouing moes nou nog boonop die liberale Kerkorde van De Mist in die kerk met sy gereformeerde belydenisagtergrond toepas. Daarby het daar nog 'n sterk politieke faktor gekom: so spoedig soos moontlik moes die Kaapkolonie verengels word; goewerneur *Somerset* verklaar selfs Engels as die enigste amptelike landstaal.

Intussen het die kontak tussen die kerk aan die Kaap en die Nederlandse kerk so verflou dat daar nie meer predikante van die buiteland gekom het nie. Spoedig het daar 'n *tekort aan predikante* ontstaan en die goewerneur moes toesien dat die vakante gemeentes predikante kry. Na 1811 is daar nog verdere gemeentes in die binneland gestig soos byvoorbeeld *Caledon* (1811), *Cradock* (1818), *Somerset-Wes* (1819), *Beaufort-Wes* (1820) en *Worcester* (1821).

### Sendelinge uit Londen

By die predikante-tekort kom toe die *politieke faktor*: Goewerneur Somerset buit die toestand op so 'n manier uit dat hy die kerk kan *verengels*. Met opset word ewe maklik *sendelinge* van die *Londense Sendinggenootskap* geneem en aangestel as predikante in die Hollandssprekende gereformeerde gemeentes. Hulle was dr. G. Thom vir Caledon, eerw. J. Evans vir Cradock en eerw. J. Taylor vir Beaufort-Wes.

Hierdie nuwe Engelssprekende predikante uit 'n sendinggenootskap kom natuurlik nie uit 'n gereformeerde agtergrond nie en hulle sou sekerlik invloed op die verdere verloop van die kerk se geskiedenis hê.

## Die Skotse predikante

Goewerneur Somerset sou ook ander maatreëls tref. Hy bewerk dat daar in 1822 nog vyf Skotse predikante geplaas word en met die jare daarna sou meer volg. Op 'n stadium was meer as die helfte van die Hollandssprekende gemeentes se predikante Engelssprekend. Ook die skole is meer en meer verengels. Geen wonder nie dat die verontwaardiging oor soortgelyke taaldwang nog steeds by 'n latere geleentheid met 'n rympie (van C.P. Hoogenhout) uitdrukking sou vind:

*Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor;  
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal vermoor.*

Die Skotse predikante self was oor die algemeen toegewyde, godvresende mense. Maar hulle was uit 'n heeltemal ander agtergrond as baie van die kerkmense in die binnelande. Met hulle het daar 'n *ander gees* en siening in die kerk gekom. Daar was van hierdie Skotse predikante wat eers vir 'n tyd na Nederland moes gaan om Hollands te leer. Ook daarvandaan het invloede soos byvoorbeeld die gevoelsgodsdienste of metodisme saamgebring – nuwe dinge wat vir die mense wat daagliks met die Statebybel en die Gereformeerde Belydenis geleef het, vreemd was.

## Die Sinode van 1824

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Kaaps-Hollandse kerke is 'n Sinode in 1824 gehou.

Volgens De Mist se Kerkorde art. 46 kon die Goewerneur verlot gee vir so 'n sinode van – so is dit genoem – die “Nederduitsch Hervormde Gemeenten”, (die naam *Nederduits Gereformeerde* is nog nie gebruik nie).

Hier word De Mist se Kerkorde die *grondwet* van die kerk.

Hier word ook die *Reglement* van die *Nederlandse kerkgenootskap* van koning Willem I van 1816 aanvaar (kyk les 15). Daarmee is die *Dordtse Kerkorde* finaal en amptelik in Suid-Afrika omver gegooi. Sodoende het die kerk self die pad van *Kollegialisme* gekies (= die



gemeentes is takke van die sinode en 'n hoër “bestuur” regeer dit van bo-af”). Hier word in die Sinode van 1824 selfs gepraat van die “hoër direksie” van die sinode.

Van belang is dit om te weet dat die Sinode van 1824 niks gedoen het met die *Gesangeboek* wat alreeds vanaf 1814 ingevoer is nie. Laasgenoemde is naamlik nooit beoordeel om dit te toets aan die Gereformeerde Belydenis nie. (Kyk volgende les.)

### **Vrae:**

1. Watter verskil het die Britse oorname van die Kaap vir die kerk gebring?
2. Noem enkele van die nuwe gemeentes wat tot ongeveer 1820 gestig is.
3. Was daar genoeg predikante om al die gemeentes te bedien?
4. Op watter manier het die Britse goewerneur die tekort aan predikante probeer oplos?
5. Wat was die agtergrond van die Engelse sendelinge wat die goewerneur in die gereformeerde gemeentes benoem het?
6. Wat was die goewerneur se volgende stap?
7. Wat was die beleid van die Britse regering?
8. Wat het by die Sinode van 1824 gebeur?

## 24 DIE VERSET VAN DIE “DOPPERS”

### Die naam “Dopper”

Vir baie mense was en is die begrip “Dopper” ’n skeldnaam, maar soos in die geval van die skeldnaam “Watergeus”, het die naam “Dopper” vir hulle wat juis vir die gereformeerde waarheid van die Hervorming in Suid-Afrika gestry het, tog ook ’n erenaam geword. Of die naam van die woord domper (= liguiddower) kom, of van dorper (= hulle van die ver dorpies, die “backvelders”, met ander woorde in teenstelling met dié van die stad) is nie heeltemal seker nie.

Die feitlike is dat daar alreeds baie lank voordat die eerste Gereformeerde kerk in 1859 by Rustenburg ontstaan het, Doppers was. Dit was mense met ’n bepaalde konserwatiewe lewensbeskouing en lewenshouding wat hulle van die moderne sogenaamde “verligtes” onderskei het. In hulle kerklike en godsdienstige lewe was hulle streng calvinisties. Hulle het besonder getrou en naby die Statebybel en die Gereformeerde Belydenis (Drie Formuliere van Enigheid) gelewe. Hulle was, soos iemand gesê het, baie “Dordts”, dit wil sê hulle was besonder getrou aan die beginsels van die groot Sinode van Dordrecht van 1618-1619 (kyk les 14).

### Waar het hulle gewoon?

In die begin van die negentiende eeu tref ons hulle alreeds as die pioniers en die trekboere in die verafgeleë grensgebiede aan, hoofsaaklik in die Karoo ten suide van die Oranjerivier. Dorpe soos Colesberg, Middelburg, Steynsburg, Burgersdorp en andere was teen die helfte van die negentiende eeu plekke waar baie van hierdie stoere gereformeerdes was. Let wel, daar was toe nog nie verskillende kerke onder die Afrikaners nie.

Van hierdie Doppers was daar ook onder die Voortrekkers en veral onder die trek van Hendrik Potgieter soos byvoorbeeld die familie van die bekende Paul Kruger. In die Transvaal sou daar later heelwat van hulle gevestig wees. Ook in die Suid-Vrystaat vind ons hulle.

## **Die Doppers se kerklike verset**

Die sogenaamde “nuwe lig” van destyds met die gees van liberalisme (vrysinnigheid) met mengsels van die verstandsgodsdienst (rasionalisme) en gevoelsgodsdienst (metodisme) het spoedig by hierdie mense verset uitgelok. Behalwe hulle besware teen geforseerde sosiale vermenging van volke soos wat sekere Engelse sendelinge voorgestaan het en ook die politieke besware teen die owerheid (onder andere oor onderdrukking van die Hollands-Afrikaanse taal), het hulle veral teen die toestand en nuwe gebruike in die kerk in verset gekom.

## **Die stryd oor die Evangeliese Gesange**

In die Kerkgeskiedenis sien ons hoe ’n groot stryd dikwels veral op ’n sekere punt saamtrek wat die ander geskilpunte oorskadu. Dit is soos die punt van ’n ysberg wat uitsteek. So het die gesange wat stil-stil vanaf 1814 in die kerk ingekom het, een van die grootste twispunte geword.

In 1812 het een enkele kerkraad, naamlik Stellenbosch, 2000 Nederlandse Gesangeboeke uit Londen bestel.

Alreeds voor die Groot Trek is daar in die gemeente van Cradock in 1833 besware. Daarop versoek die Ring van Graaff-Reinet dat die mense wat besware oor die gesange het, vermaan moet word. In Colesberg sou die gesangkwessie na 1836 met die koms van ds. Reid in hewigheid toeneem totdat die Ring van Graaff-Reinet ’n baie aanvegbare, liefdelose “Herderlike Brief” uitgestuur het. Hierin is die ontevredenes met die sterkste woorde beskuldig van dwaling, “styfhoofdigheid” waarmee hulle “die liggaam van Christus deurboor” en dat hulle “skeurmakers” is. Verder eis die Ring dat die beswaardes moet glo dat die gesange volgens God se Woord is omdat die predikante so sê.



Hierdie “Herderlike Brief” van die Ring van Graaff-Reinet wat geweldig beledigend en aanstootlik was, is in 1841 uitgestuur en in 1847 het die Sinode dit in Kaapstad bekragtig. In sommige gevalle is selfs geweier om die kinders van diegene te doop wat teen die gesange was.

### **Wat was dan die Doppers se besware teen die gesange?**

1. Die manier waarop die gesange in die kerk ingevoer is, was verkeerd – geen kerklike vergadering het ooit getoets of die inhoud volgens God se Woord is nie.
2. Baie gesange was onregsinnig en on-Bybels. ’n Eeu later is dit met die koms van die Afrikaanse gesangboek erken want ’n aantal is toe weggelaat omdat dit onregsinnig is.
3. Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verbied dat menslike geskifte (vrye lied – gesange) met die Bybel (Psalms) gelykgestel word en dit in die erediens selfs verdring.
4. Daar is dwang toegepas: Die gereformeerdes is gedwing om teen hulle gewete die gesange te sing (nog voordat ’n kerkvergadering ooit getoets het of dit regsinnig is).

Later sou die gesangestryd ook in Transvaal met bitter gevolge ontbrand.

### **Vrae:**

1. Waar kom die naam Dopper miskien vandaan?
2. Was die “Doppers” alleen mense van ’n bepaalde kerk?
3. Waar in Suider-Afrika het hulle sedert die helfte van die negentiende eeu hoofsaaklik gewoon?
4. Teen watter strominge het hulle hul verset?
5. Wat was die optrede van die Ring van Graaff-Reinet teen die mense wat besware teen die gesange gehad het?
6. Noem vyf besware wat die Doppers teen die gesange gehad het.

## 25 DIE VOORTREKKERS SE KERK

### Die houding van die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek

In 1837 stuur die Kaapse Sinode in naam van die “*Hervormde Kerk*” ’n “*Herderlike Brief*” aan die Voortrekkers waarin hulle ernstig oor hulle daad vermaan word en as rebelle teen die owerheid voorgestel word. Die Trekkers se optrede is “laakbaar” sê die Brief.

**LET WEL:** In hierdie Herderlike Brief word nog gepraat van die “*Hervormde Kerk*”, soos wat dit ook in die reglement by die Sinode van 1824 bepaal was, maar op die Sinode van 1842 is die naam verander na “*Nederduitsch Gereformeerde Kerkgenootschap*”.

Tot in 1846 het die Kaapse Kerk (*van 1842 af genoem Nederduits Gereformeerde kerk*) geen pogings aangewend om die Voortrekkers kerklik te bedien nie. In Natal het ’n eertydse sendeling, *eerwaarde Erasmus Smit*, hulle te hulp gekom. In die Noord-Vrystaat en in Transvaal het ’n Amerikaanse sendeling, *eerwaarde Lindley* hulle bedien.

Nadat die Kaapse Goewerneur, sir Harry Smith, die Vrystaat in 1847 geannekseer het, het die NG Kerk besluit om eenmaal per jaar predikante na die Vrystaat te stuur. In 1849 het sir Harry Smith vir ds. Andrew Murray op Bloemfontein geplaas. Hierdie predikant het met groot liefde en toewyding die Vrystaters en Transvalers geestelik versorg.

**Opmerking:** Hoe anders – menslik gesproke – kon die kerklike ontwikkeling in Suid-Afrika verloop het as die Kaapse Kerk van die begin af met meeleving en begrip die Voortrekkers daadwerklik kerklik bedien het?

## **Die houding van die Transvalers teenoor die NG Kerk van die Kaap**

By die Transvalers het 'n vrees ontstaan dat die Kaapse Kerk (NG Kerk) hulle weer onder die Britse bewind sou bring en daarom het baie van hulle afsydig gestaan teen 'n Kaapse predikant.

Deur die toedoen van 'n sekere professor Lautz in Nederland het daar in 1853 'n proponent van die Nederlandse Hervormde Kerk na Transvaal gekom. Hy was *ds. Dirk van der Hoff*.

En met die koms van ds. Van der Hoff, gebeur daar 'n nuwe belangrike ding: Om onafhanklik van die Britse Koloniale Staatskerk van die Kaap (die NG Kerk) te wees, stig die Transvalers in 1853 'n *Staatskerk* vir Transvaal, naamlik die *Nederduitsch Hervormde Kerk*. (Nou verstaan ons waarom die embleem van die huidige Nederduitsch Hervormde Kerk nog altyd dieselfde is as die ou Transvaalse staatsembleem.)

Ons staan dus voor die voldonge feit dat daar in 1853 *twee kerke* (kerkverbande) in Suider-Afrika bestaan, naamlik *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk* van die Kaap en die *Nederduitsch Hervormde Kerk* van Transvaal.

## **Stryd en verdeeldheid**

Intussen was die Doppers (latere Gereformeerdes) nie gelukkig nie. Hulle ideaal dat hulle 'n kerk sou hê wat weer teruggaan na die ou Gereformeerde beginsels, is in die nuwe Transvaalse Kerk onder leiding van ds. Van der Hoff nie verwesentlik nie. In 1856 kla *ouderling Philippus Snyman* van Rustenburg in 'n brief aan president M.W. Pretorius dat hulle “*nie geleer en bestuur word volgens ons Christelike geloofsbelydenis wat deur ons Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618/1619 vasgestel is nie*”.

Ook diaken S.J. Kruger, 'n oud-Colesberger, het beswaar teen die Gesange.

Daarop kom *veldkornet Paul Kruger* (die latere president) en nog 18 vooraanstaande burgers en vra die Kerkvergadering om die verdeeldheid in die kerk te ondersoek.

Intussen het die gemeente van *Lydenburg* in 1856 van ds. Van der Hoff en die Hervormde Kerk weggebreek.

Later sou die kerk van Lydenburg en ook nog ander gemeentes onder leiding van ds. Frans Lion-Cachet (let wel, nie ds. Jan Lion-Cachet nie) inskakel by die Kaapse Kerk (NG Kerk) en sou daar dus ook 'n *Nederduitse Gereformeerde kerk* in Transvaal wees.

Na die Eerste Vryheidsoorlog (1881) het die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal *verenig* om die "*Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk*" (kortweg Verenigde Kerk genoem) te vorm. Op verskeie plekke is daar egter lidmate van die Hervormde Kerk wat nie wou verenig nie, soos byvoorbeeld die gemeente van Witpoort, en hulle bly voortbestaan as die *Nederduitsch Hervormde Kerk* (later een van die sogenaamde drie Afrikaanse Kerke).

### **Vrae:**

1. Wat was die houding van die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek?
2. Wanneer kry ons vir die eerste keer die naam Nederduitse Gereformeerde kerk?
3. Hoe is die kerk in die Kaap vantevore genoem?
4. Wanneer word daar vir die eerste keer 'n predikant deur die Britse regering in Bloemfontein geplaas en wie was hy?
5. Waar het ds. Dirk van der Hoff vandaan gekom?

6. Wanneer ontstaan daar 'n staatskerk in Transvaal en wat was die naam van hierdie kerk?
7. Waaroor kla ouderling Snyman van Rustenburg by die staatspresident van die ZAR (Transvaal)?
8. Wat was veldkornet Paul Kruger se rol in die verdeeldheid onder die kerkmense?
9. Wat het met Lydenburg gebeur?
10. Hoe het die NG Kerk in Transvaal ontstaan?
11. Het almal (gemeentes en lidmate) van die Nederduitsch Hervormde Kerk met die NG Kerk in 1881 weer verenig?

## 26 DIE HERVORMDE KERK TE RUSTENBURG 1858

Is die Gereformeerde Kerk in 1859 te Rustenburg *gestig* of *herstig* of het dit sommer net *ontstaan*? Het die gereformeerdes self uit eiewilligheid *afgeskei* of is hulle uit die bestaande (Hervormde) kerk *uitgedwing* deur besluite? Of was dit ds. Dirk Postma wat op eie houtjie hier 'n afskeiding bewerk het?

Kom ons kry die feite agtermekaar:

### 1. 'n Eie predikant vir die beswaardes (die Doppers)

Besware teen die kerk se standpunt oor die *belydenis* en *kerkregering* het sterk opgelaa. Die gereformeerdes wou die kerk terug-hervorm volgens die beginsels van die Sinode van Dordrecht 1618-1619 (vergelyk ouderling Snyman se brief in les 25) en hulle wou *vry wees van die staat*. Daarby was die *gesangkwessie* die punt van die ysberg.

Reeds in 1858 begin van die Magaliesbergers, soos S.J. Kruger en P. Venter met J.J. Venter (by geleentheid waarnemende Staatspresident van die Vrystaat), korrespondeer om 'n eie predikant uit Nederland buite die staatskerk te beroep (kyk B. Spoelstra, *Beknopte Kerkgeskiedenis*, 1969, bl. 111 e.v.).

Paul Kruger (latere president van Transvaal) probeer om eenheid te bewaar. Hy kry in Augustus 1858 die toestemming van die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Rustenburg om vir die beswaardes 'n eie predikant binne die staatskerk te laat beroep. In September keur die Transvaalse Volksraad dit goed. Hierdie besluit is baie belangrik om te onthou.

## 2. Die koms van ds. Dirk Postma

Sonder dat die *Christelike Gereformeerde Kerk* van Nederland (die kerk van die Afskeiding van 1834, kyk les 16) van die *beswaardes* in Transvaal (Paul Kruger, oudl. Snyman e.a.) en in die Vrystaat (J.J. Venter e.a.) gewet het, het hulle *Sinode* in 1858 vir ds. Dirk Postma na die *regering* van Transvaal afgevaardig. Die *doel* was om aan die regering van Transvaal predikante en onderwysers aan te bied en sendingmoontlikhede te ondersoek.

Op hulle beurt het die beswaardes weer nie van die Christelike Gereformeerde Kerk gewet nie. Eers toe 'n sekere ouderling J. van Andel van 's Hertogenbosch (Nederland) aan J.J. Venter geskryf het, het die beswaardes van Postma se koms gehoor.

En nou kom daar 'n baie belangrike *besluit deur die Transvaalse regering*:

Toe hulle hoor van ds. Postma se koms, besluit hulle dat hy na die beswaarde deel van die Rustenburgse gemeente moet gaan. As hy beantwoord aan hulle voorwaardes, mag hy hulle predikant word.

Die volgende stap was dat die kerkraad van Rustenburg vir *S.J. Kruger, Ph. Snyman* en *Paul Kruger* gevra het om in te staan om ds. Postma in Durban te gaan haal met die voorwaarde dat as Postma nie voldoen aan die verwagtings nie, hulle hom weer moet terugneem.

Sou ons hier van 'n groot “misverstand” kon praat? Van ds. Postma se kant af werk hy met die idee dat hy 'n afgevaardigde van die kerk in Nederland na die *regering* van Transvaal is en van die Transvaalse regering se kant af veronderstel hulle weer dat hy die predikant van die *beswaarde deel* van Rustenburg se gemeente is. Op grond hiervan tree die kerkraad handelend op om ds. Postma in Natal te gaan haal.

In feite is hier dus alreeds in 1858 'n verdeling in die gemeente wat later tot 'n afskeiding sou ontwikkel. En van hierdie *verdeling* was ds. Postma salig onbewus.

In Junie 1858 het ds. Dirk Postma in Kaapstad geland. Daar het hy in die NG Kerk gepreek en selfs gesange laat sing. Daarna het hy in Durban geland en het ook die NG-broeders in Pietermaritzburg ontmoet.

In Oktober het ouderling Ph. Snyman en Douw Kruger ('n broer van Paul) die dominee per ossewa in Natal gaan haal en hulle het op 6 November 1858 op die plaas Buffelsdoorn van ouderling P.J.W. Schutte, naby Potchefstroom, aangekom. Daar het ds. Postma vir die eerste keer in Transvaal gepreek.

### **Vrae:**

1. Watter soort kerk wou die beswaardes graag gehad het?
2. Wat het die Magaliesbergers reeds in 1858 gedoen?
3. Watter toestemming het Paul Kruger van die kerkraad van Rustenburg verkry?
4. Watter besluit van die Volksraad was in hierdie verband baie belangrik?
5. Watter aksie het daar van die Christelike Gereformeerde Kerk in Nederland uitgegaan?
6. Het hulle van die beswaardes geweet?
7. Het die beswaardes weer van die Sinode in Nederland se besluit geweet?
8. Wat was die Transvaalse regering se opvatting oor vir wie ds. Postma 'n predikant moes wees?
9. Wat was die kerkraad van Rustenburg se optrede?
10. Was ds. Postma daarvan bewus dat daar alreeds 'n verdeling in die gemeente van Rustenburg was?
11. Beskryf in kort ds. Postma se reis na Transvaal. Waar het hy die eerste keer in Transvaal gepreek?



## 27 DIE GEREFORMEERDE KERK TE RUSTENBURG 1859

### Iets oor die persoon van ds. Dirk Postma

Dirk Postma is in 1818 te Dokkum, Friesland (Nederland) gebore uit 'n arm gereformeerde huisgesin. Sy vader sterf vroeg en hy moes hard werk om sy weduwee-moeder en ander kinders te versorg. Snags studeer hy om predikant te word. In 1840 word hy predikant in die Christelike Gereformeerde Kerk van Minnertsnga. Hy word spoedig 'n leiersfiguur in die kerkverband (kyk les 16). Toe hy na Suid-Afrika gestuur is, was hy nog predikant in Zwolle.

Ds. Postma was 'n besonder talentvolle persoon met groot ywer vir gereformeerde onderwys en liefde vir die Gereformeerde Belydenis. In die stryd van Nederland is hy dan ook goed geslyp vir die kerklike lewe in Suid-Afrika.

### Die gebeurtenisse ná ds. Postma se koms


Tussen ds. Postma en ds. Van der Hoff was daar 'n goeie verhouding. Daar is selfs ooreengekom dat ds. Postma in sy gemeente (die beswaardes) nie gesange sou laat sing nie.

Die Algemene Kerkvergadering het op 10 Januarie 1859 in Pretoria gesit. Daar is ds. Postma oor sy leer ondersoek en die vergadering was tevrede.

Toe kom daar 'n punt na vore wat eintlik nie ter tafel was nie waarop toe alle aandag gevestig word – die *gesangkweessie*. Dit was werklik nie billik en nodig dat ds. Postma daarvoor 'n verklaring moes aflê nie. Hy gee tog gehoor en stel sy opvatting:

1. Hy sal 'n kerk wat *regsinnige* gesange sing, nie veroordeel nie.

2. Die veiligste weg vir 'n kerk is om gesange waarvan die teks in die Bybel staan, te sing.



*Ds. Dirk Postma, later professor aan die Teologiese Skool Burgersdorp.*

3. As sommige lidmate gewetensbeswaar teen die sing van gesange het, waarvan die teks nie in die Bybel staan nie, behoort dit liever in die eredienste nagelaat word.
4. As daar geen ander uitweg is nie moet die predikant sy diskresie gebruik volgens sy gewete, maar daar mag nie hieroor verdeeldheid of skeuring plaasvind nie.

Teen hierdie tyd het die Algemene Vergadering van die gesangkewessie die grootste geskilpunt gemaak. Sonder om ooit die regsinnigheid van die gesange met die Bybel en die Belydenis te toets, word haastig besluit “*dat die kerklike inrigting, soos dit tans bestaan, met sy Evangeliese Gesange gehandhaaf sal word*”.

Met reg kan daar gevra word: wat het nou van die belofte aan die beswaardes van Rustenburg geword?

### **Die betekenis van die Algemene Vergadering se besluit**

Net soos die Ring van Graaff-Reinet in 1841 en die Kaapse Sinode van 1847 is die gesange sonder die toets van die Bybel en die Belydenis op die beswaardes *afgedwing*. Dit was *gewetensbinding*. Die vraag was nie meer, wat sê God se Woord nie, maar wat sê die meeste stemme? Hier het nie meer die gesag van die Heilige Skrif gegeld nie, maar die gesag van die kerkvergadering, ’n beskouing wat deur art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis afgewys word.

### **Wat was die keuse?**

Daar was geen middeweg nie: óf die pad van die gewete volg en daarmee getrou bly aan ’n kerkregering waar die Woord die laaste toets moet wees, óf buig onder die gesag van die kerkvergadering en daarmee gereformeerde beginsels prysgee. So kan mense deur gewetensdwang en besluite uitgestoot word deur dit vir hulle onmoontlik te maak om verder te gaan.

Dit was 'n *kollegialistiese* besluit (kyk les 22). Dit beteken dat 'n meerdere vergadering aan homself meer gesag toeken as waartoe hy bevoeg is.

Hierop het vyftien manne, onder wie ouderlinge P.J.W. Schutte, Ph. Snyman, kommandant Paul Kruger en S.J. Kruger (vroeër van Colesberg) kennis gegee dat hulle uit die Hervormde Kerk tree om voortaan met ander te bestaan as 'n “Vrye Gereformeerde Kerk, ooreenkomstig die *leer, diens* en *tug* van die vaders”. Daarmee is die band ook met die Staatskerk gebreek. En daarmee het hulle ook verklaar dat hulle hul stel op die grondslag van die Belydenis van die Sinode van Dordrecht van 1618-1619.

Hierop sou die stigting van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg op 10 Februarie 1859 volg.

### **Vrae:**

1. Vertel iets oor die lewe van ds. Dirk Postma voordat hy na Suid-Afrika gekom het.
2. Wat was aanvanklik die verhouding tussen ds. Van der Hoff en ds. Postma en waaroor het hulle ooreengekom?
3. Watter geskilpunt is onnodig op die Kerkvergadering op die spits gedryf?
4. Noem vier punte in ds. Postma se opvatting oor die gesange in die kerk?
5. Het die Kerkvergadering ooit die regsinnigheid van die gesange ondersoek?
6. Wat was hulle besluit?
7. Wat beteken dit om mense se gewete te bind?
8. Waarom sê ons die besluit van die Algemene Kerkvergadering was 'n kollegialistiese besluit? Wat beteken dit?
9. Noem enkele van die vyftien manne wat uit die Hervormde Kerk getree het.
10. Sou die nuwe kerk ook 'n staatskerk wees?
11. Wat is die Belydenis wat hulle nagestreef het?

## 28 UITBREIDING VAN DIE GEREFOR- MEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

### **Die gemeente van Rustenburg**

Nadat die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Januarie 1859 geen tegemoetkoming aan die beswaardes verleen het nie en hulle per besluit gedwing is om teen hulle gewetens te handel, het hierdie besluit die stigting van die “Vrye Gereformeerde kerk”, soos wat dit in hulle akte genoem is, ’n voldonge feit gemaak. Soos ’n veldbrand het die besluit versprei en spoedig is die protes van honderde gereformeerdes gehoor. So kom daar op 10 Februarie 1859 meer as 300 volwassenes in Rustenburg onder ’n seringboom bymekaar om hulle eie gemeente te stig. Die kerkgebou was eers aan hulle toegestaan, maar toe weer geweier. Hier is ouderlinge en diakens bevestig en ’n beroep is op ds. Dirk Postma uitgebring om hulle predikant te wees.

### **Spoedig nog gemeentes**

Na Rustenburg is ook die gemeentes Pretoria, Waterberg (Nylstroom), Lydenburg, Potchefstroom asook Reddersburg in die Vrystaat in 1859 gestig.

Maar ook in Kaapland, die wêreld van die ou Doppers in die Karoo, is spoedig in 1860 gemeentes gestig soos Burgersdorp, Middelburg en Colesberg.

Deur die jare sou daar reeds in die negentiende eeu nog tientalle gemeentes in die Kaapkolonie, Vrystaat en Transvaal gestig word sodat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie aan ’n bepaalde staat of regering gebonde sou wees nie – inderdaad ’n vrye kerk – om hulle gereformeerde belydenis uit te leef.

Hoon en smaad en selfs vervolging sou nie uitbly nie, maar onder dit alles was die groei bestendig. Binne 40 jaar was daar reeds 45 gemeentes met 'n lidmatetotaal van meer as 25 000.

### **'n Eie Teologiese opleiding**

Tien jaar nadat die eerste gemeente te Rustenburg gestig is, is 'n *Teologiese Skool* in 1869 te Burgersdorp opgerig. Dit was 'n unieke gebeurtenis want die Gereformeerde Kerke was die enigste kerkverband wat geen steun van die staat ontvang het nie. So het die kerke dan gesamentlik met offervaardigheid gesorg dat predikante opgelei word. Dirk Postma en Jan Lion-Cachet was van die eerste professore. Maar dit was nie al nie. Saam met die opleiding van predikante is ook onderwysers vir christelike skole opgelei. Oor die hele land, oral waar Gereformeerde kerke (gemeentes) was, is gepoog om christelike skole op te rig waar die kinders vir kerk en volk met getrouheid aan die gereformeerde beginsels onderwys kon ontvang. Dit was die groot roeping tot Christelik-nasionale onderwys waarvoor die Gereformeerdes groot kampvegters geword het.

Hierdie Teologiese Skool van Burgersdorp is in 1905, ná die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog van 1899-1902) na Potchefstroom verplaas. Hieruit is ook die *Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Onderwys* gebore – die enigste Universiteit wat uiteindelik deur die landswet as 'n christelike universiteit daargestel is. Twee van die eerste groot bouers van hierdie Universiteit was die professore *F. Postma* ('n groot Latynkenner) en *J.D. du Toit* (die bekende digter Totius, Bybelvertaler en Psalmberymmer).

### **Stryd, oorlog en verwoesting**

'n Groot deel van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se geskiedenis staan geskrywe in 'n bitter, harde stryd. Behalwe smaad en hoon, moes daar dikwels geworstel word om erkenning van owerhede te ontvang. Vir studente wat soms die hoogste prestasie op akademiese



gebied verwerf het, is beurse geweier. Daarby was armoede dikwels die groot struikelblok vir vooruitgang. Op Burgersdorp moes die Teologiese Skool byvoorbeeld in buitekamers gehuisves word.

En toe kom die wrede Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog). Van die Gereformeerde Kerke se lidmate het daar in die jare 1899 tot 1902 etlike duisende op die slagveld, in konsentrasiekampe en in ballingskap gesterf. Prof. Jan Lion-Cachet self is in 1900 in die tronk gegooi en die Teologiese Skool is deur die Britse owerheid gesluit. Van die studente of oud-studente wat saam met die Boeremagte was, het vyf gesneuwel – die enigste Teologiese Skool in die land wat verhoudingsgewys so erg beproef is. Daarby is boonop kerke en pastorieë deur die Engelse afgebrand. Onberekenbaar was die materiële en geestelike verwoesting.

Die stryd om te bestaan het die kerke egter nie vernietig nie, maar eerder gelouter.

Na meer as honderd jaar, is God se seën nog uitermate groot. Teen 1980 was daar meer as 400 gemeentes wat in een Algemene Sinode vergader het.



## Vrae:

1. Wie was die eerste predikant wat die Gereformeerde Kerk Rustenburg beroep het?
2. Hoe groot was die gemeente wat op 10 Februarie 1859 gestig is?
3. Watter ander gemeentes is nog in 1859 gestig?
4. Hoeveel Gereformeerde Kerke (gemeentes) was daar teen die einde van die negentiende eeu?
5. Waar en wanneer is die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika opgerig?
6. Het die Teologiese Skool alleen predikante opgelei?
7. Noem twee van die eerste professore op Burgersdorp?
8. Noem twee van die bouers aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
9. Vertel iets van die Gereformeerde Kerke se stryd.
10. Vertel van die Gereformeerde Kerke se lyding in die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog).
11. Ongeveer hoeveel Gereformeerde Kerke (gemeentes) bestaan daar in suidelike Afrika?

## 29 DIE GEREFORMEERDE KERKE EN DIE BUITELAND


### Pioniers

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is een ding baie waar: waar die Afrikaner heen getrek het, daar kry jy ook sy kerk. En nou is dit opvallend dat dit juis die Gereformeerdes was wat dikwels onder die eerste pioniers was wat ook die grense van ons vaderland oorgesteek het. So het daar ook weldra Gereformeerde Kerke vanuit Suid-Afrika ontstaan in Angola, Kenia, Rhodesië (Zimbabwe), Suidwes-Afrika (Namibië) en selfs so ver as Argentinië.

### Die kerk in Angola (en Namibië)

Tragies is dit dat daar vandag nie meer 'n Gereformeerde Kerk in Angola is nie. Maar vir bykans 'n halwe eeu was daar gevestigde gemeentes wat onder baie stryd en teenslae by tye selfs gebloei het soos byvoorbeeld *Humpata* en *Que*. Hierdie kerke was die gevolg van die Dorslandtrekkers wat hulle alreeds vanaf die sewentigerjare van die negentiende eeu in Angola gevestig het. Hierdie Dorslandtrekkers was oor die algemeen lidmate van Gereformeerde gemeentes en reeds voor hulle vertrek het hulle in 1877 by die Krokodilrivier (in Wes-Transvaal) die “*Trekkende gemeente van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*” gestig. By Humpata het hulle later hulle eie dorp aangelê en behalwe besoekende predikante, het ds. Dirk Postma, jnr., ds. C.H.J. Vorster, ds. H. Ph. J. Pasch en ds. P. Biewenga daar gedien.

Weens onderdrukking deur die Rooms-Katolieke Portugese owerheid en deur finansiële druk, het die oorgrote meerderheid van ons mense in Angola weer in 1928 na die destydse Suidwes-Afrika (vandag Namibië) getrek en gaandeweg het die kerk in Angola verdwyn. In Namibië is daar 'n hele aantal gemeentes.



*Die Teologiese Skool Potchefstroom met die monument vir die studente wat in die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog, 1899-1902) gesneuel het.*

## **Die Gereformeerde Kerk in Kenia**

Na die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 het baie Afrikaners veral vanuit Transvaal na Duits-Oos- en Brits-Oos-Afrika in verskillende trekke (meestal per skip langs die Ooskus) vertrek. Een van hulle, naamlik die Abraham Joubert-trek van 1905, het uit baie Gereformeerde lidmate bestaan. So ook die Van Rensburg-trek van 1908. In Brits-Oos-Afrika (Kenia) het die meeste hulle in die westelike deel gaan vestig. Op 13 Augustus 1909 is die eerste gemeente by die dorp Eldoret gestig. Later, in 1951, is ook die gemeente Skeurvallei gestig.

En wat het toe gebeur? Die selfstandigwording van voormalige kolonies in Afrika het ook in Kenia vir die Afrikaners teen die sestigerjare van die twintigste eeu geen heenkome meer gebied nie, waarop die gemeentes daar verdwyn het. Dit is 'n stuk tragiek. Dit is egter nie vreemd aan die kerkgeskiedenis nie, want dink maar aan die

ou christelike kerke in Klein-Asië (vandag Turkye), in Noord-Afrika en in groot dele van die Midde-Ooste.

Die eerste vaste predikant van die Gereformeerde Kerk in Kenia was ds. A.L. Aucamp. Ook di. L.J. Buys, Z.C. Grobler en P.J. Opperman het daar gedien.

### **Die Gereformeerde Kerke in Zimbabwe en Zambië**

Hierdie gebiede wat veel nader aan die Republiek van Suid-Afrika is, het veral na die Tweede Wêreldoorlog 'n bloeityd beleef. Toe was dit nog die Britse Kolonies Noord- en Suid Rhodesië. Verskeie gemeentes soos Lusaka, N'Kana en Koperstreek in die noorde het goed vooruitgegaan totdat die Afrikaners ook daar uitgewyk het. In Zimbabwe bestaan daar nog gemeentes wat onder swaar omstandighede oorleef.

### **Die Gereformeerde Kerk in Argentinië (Suid-Amerika)**

Na die Tweede Vryheidsoorlog het daar tussen 1902 en 1906 ongeveer 600 Afrikaners hulle in die provinsie Chubut in die suide van Argentinië gevestig. Hier het die Gereformeerde Kerk 'n eiesoortige ontwikkeling gehad – ook met veel stryd en verdeeldheid by tye. Tog kan met vreugde gesê word dat daar vandag, grotendeels deur die toedoen van die Afrikaners, 'n eie Gereformeerde Kerk in Suid-Amerika gevestig is. Hier het die Here die kerk weer op 'n ander manier gebou. (Vgl. F.R.P. de Bruyn, C-sn., se studie oor die geskiedenis van hierdie kerk.)

### **Kontak met ander kerke in die buiteland**

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het broederlike kontak (korrespondensie) met verskillende gereformeerde en presbiteriaanse kerke in die buiteland.

## **Vrae:**

1. Wanneer het die Gereformeerde Kerk in Angola ontstaan en hoe het dit gebeur?
2. Waar woon die nasate van die Dorslandtrek hoofsaaklik vandag?
3. Wanneer is die Gereformeerde Kerk in Kenia gestig?
4. In watter deel van Suid-Amerika is daar vandag 'n Gereformeerde Kerk wat onder Afrikaners ontstaan het?
5. Hoe lyk dit vandag met die Gereformeerde Kerk in Zimbabwe?

## 30 DIE GEREFORMEERDE KERKE EN DIE SENDING

### Die eerste arbeidsvelde

By die Sinode van 1897 blyk dit dat daar alreeds sendingaksies in *Angola* en *Venterstad* bestaan en dat daar ook in Griekwaland en Botswana belanggestel word as moontlike gebiede om die Evangelie uit te dra. By dieselfde Sinode word 'n geldelike skenking van president Paul Kruger vir die sending ontvang; dit moedig baie aan om ook offers te bring.

By *Humpata* in Angola is 'n gemeente onder die “mak volk” (naam vir veral werkers wat saam met die Dorslandtrekkers gekom het) teen die einde van die vorige eeu gestig. Ds. P. Biewenga was vanaf 1903 hulle predikant. Hulle was toe 125 lidmate. Met die terugkeer van die meeste Angolaboere na Suidwes-Afrika in 1928 het ook dié sendingwerk tot stilstand gekom.


Die sendingaksie in *Venterstad* bestaan vandag nog.

### Ds. P. Bos

Hy was die baanbrekerssendeling in Transvaal.

Vanaf 1904 arbei hy in Pretoria en omgewing. Vanaf 1910 beweeg hy noordwaarts en werk by Molietsieskop, distrik Pietersburg (vandag Polokwane) en daarna ten noorde van die Soutpansberge. Vir jare lank werk ds. Bos sonder 'n gereelde inkomste, maar hy is so geseënd dat hy selfs die plaas Uniondale aankoop ter wille van die sending. Daar is hy in 1923 oorlede, maar sy vrou is nog tien jaar daarna by die werk betrokke.





*Kampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (1980)*

## **Ds. Hugo du Plessis en Siloam**

In 1928 word ds. Hugo du Plessis (later professor in teologie) deur die Gereformeerde Kerk Pretoria uitgestuur na die Soutpansberge om onder die Vendavolk te arbei. Hy vestig hom op Siloam en hier is die werk so geseënd dat dit tot vandag nog 'n grootse sendingsentrum is met 'n hospitaal ens.

In Vendaland het die werk ook ooswaarts uitgebrei met die plaas De Hoop as middelpunt waar ds. J.F. Erasmus in 1942 begin arbei het. Ongelukkig het hy kort daarna weens 'n tragiese skietongeluk gesterf.

## **Ander gebiede**

Vanaf 1950 kom arbei ds. Hugo du Plessis aan die Witwatersrand. Hierdie sendingveld het met die jare die grootste groei van die Gereformeerde Kerke getoon. Daar is selfs begin met die opleiding van predikante by Dube en dit het later uitgroeï tot die *Hammanskraalse Teologiese Skool*.

Intussen het daar vanaf die vyftigerjare spontaan sendingaksies feitlik oor die hele land waar Gereformeerde Kerke is, posgevat. Teen 1980 was daar al ongeveer 130 gemeentes as gevolg van die Gereformeerde Kerke se sending.

Selfs tot diep in die Kalahari is daar 'n groot sendingaksie onder die San (Boesmans), waar ds. P.J.W.S. van der Westhuizen 'n geweldige bydrae met die vertaling van die Bybel in 'n Boesmantaal gelewer het.

## **Samewerking met ander kerke**

Met verskillende buitelandse Gereformeerde kerke bestaan daar die nouste samewerking. Die *Christelike Gereformeerde Kerken* (Nederland) arbei hoofsaaklik in Vendaland en die *Nederlandse Gereformeerde Kerk* van Nederland weer in Natal (aanvanklik was dit die *Gereformeerde Kerken vrijgemaak*). Hierdeur word kragte

saamgesnoer en die werk is besonder geseënd. Ook met die *Free Church of Scotland* wat hoofsaaklik in die Oos-Kaap groot sendingaksies het, word daar ten nouste saamgewerk. By King William's Town word daar byvoorbeeld 'n Bybelskool gesamentlik onderhou waardeur 'n groot hoeveelheid evangelisasieliteratuur versprei word.

## **Iets oor Evangelisasie**

Tradisioneel word evangelisasie van sending onderskei in die opsig dat dit nie ten eerste met kerk-vervreemdes te doen het – mense wat vroeër op 'n manier nog in die kerk was maar om een of ander rede nie meer verbonde is aan 'n gemeente nie. Veral op die Witwatersrand is daar oor baie jare heen deur kerkrade aan hierdie saak aandag gegee en aksies op tou gesit.

Die Gereformeerde Kerk Johannesburg-Sentraal het byvoorbeeld in 1961 begin met prediking aan buite-kerklike Engelsprekendes. So het daar 'n Engelsprekende Gereformeerde Kerk ontstaan.

Ook in Pretoria en baie ander stede en dorpe het daar 'n gevestigde Evangelisasie-aksie tot stand gekom.

## **Slot**

Wat in hierdie boekie in 30 lesse opgeteken is, is slegs 'n baie klein oorsig oor 'n deel van die onbeskryflike groot kerkgeskiedenis. Heel aan die begin is gesê dat die woord *kerk* van 'n woord kom wat beteken: Wat aan die Here behoort. Ook die kerk se geskiedenis behoort aan die Here. Hy maak dit en nie die mense nie. Die mense maak alleen die sonde in die kerk, maar daarvoor het Jesus Christus ook sy bloed gegee ... vir sy kerk wat Hy so lief het. Vir en in sy kerk gebruik Hy mense.

## Vrae:

1. Waar was die eerste sendingvelde van die Gereformeerde Kerke?
2. Wat weet jy van ds. P. Biewenga?
3. Wie was ds. P. Bos?
4. Watter sendeling het by die plek Siloam begin preek?
5. Noem ook ander gebiede waar sending gedoen is.
6. Ongeveer hoeveel gemeentes het teen 1980 op die sendingvelde bestaan?
7. Met watter ander kerke en waar werk die Gereformeerde Kerk mee saam?
8. Wat is Evangelisasie?
9. Bestaan daar ook Engelssprekende Gereformeerde Kerke? Waar?
10. Wat beteken die woord kerk?

## DIE GEREFORMEERDE KERKE EN DIE EREDIENS

Die Hervorming van die kerk in die sestiende eeu het weer herken dat die samekoms van die gemeente 'n vergadering is, 'n ontmoeting met die Here om sy Woord te hoor. Die preekstoel het teruggekom in die plek van die Roomse altaar. En die Woord wat gepreek word, mag niks anders wees “as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde” nie (1 Kor. 2:2). In 'n sekere sin is die kerkgeskiedenis ook die geskiedenis van die liturgie.

Hierdie samekoms van die gemeente is die erediens waar God deur sy Woord die gemeente ontmoet. Juis daarom, omdat die Here 'n God van orde is, moet die erediens ordelik geskied sonder menslike willekeur (1 Kor. 14:40).

In 'n kerk (gemeente) se erediens word duidelik of dit 'n ware kerk van Christus is en nie 'n valse kerk nie. Dit is alleen 'n ware kerk wanneer dit die volgende drie merktekens het (NGB, art. 29):

1. **Wanneer die evangelie suiwer gepreek word.** Dit beteken dat die *gesag van God se Woord* onvoorwaardelik op die preekstoel, in die kerksang en met die gebede gehandhaaf word (NGB, artikels 3-7). Die prediking mag alleen “die Woord van God” wees en “nie die woord van mense” nie (1 Thess. 2:13). Die preke mag nooit mense “behaag nie” (1 Thess. 2:4) of so wees dat mense in hulle “gehoor gestreel” word nie (2 Tim. 4:3). Nooit mag “met vleitaal” gepreek word of “bedekte hebsug” (geldsug) en die “eer van mense” 'n rol speel nie (1 Thess. 2:5-6). Die prediker moet die Bybel deeglik bestudeer en sy preke goed voorberei. Hy en die gemeente mag nie “hulle oor afkeer van die waarheid” en hulle “wend tot fabels” nie (2 Tim. 4:4).

Ook die **kerksang** moet God se eer met sy Woord proklameer. Daarom bly die Psalms sentraal. Christus sê self dat die Psalms van Hom getuig (Luk. 24:44). Luther noem die boek van die Psalms 'n “*klein Bybeltjie*”. Calvyn skryf oor kerksang: “*Daarom, nadat ons noukeurig ondersoek ingestel het, en hier en daar gesoek het, sal ons geen beter liedere vind, of liedere wat beter aan die doel beantwoord, as die Psalms van Dawid, wat die Heilige Gees deur hom gespreek en gemaak het nie. En buitendien, as ons hulle sing, is ons seker dat God hulle ons in die mond lê, asof Hy self in ons sing om sy roem te verhef*” (Geneefse Psalmboek, 1543). Op grond van hierdie *sekerheid*, dat God deur sy Heilige Gees, die Psalms “*ons in die mond lê*”, word daar nie met vrye liedere van mense gewaag nie. Die **gebede** in die erediens is gegrond op God se Woord. Die formuliergebede agter in die Psalmboek is 'n hulp wat goeie riglyne bied.

Deel van die suiwer prediking van die evangelie as merkteken is die noodwendige eis om *sending* te doen. Geen kerk is ware kerk, wanneer die evangelie nie ook na buite uitgedra word nie.

- 2. Die sakramente bedien soos wat Christus dit ingestel het.** Oor die nagmaal met sy *tafel*, die *brood* en die *beker*, is Christus se instelling duidelik uit Mat. 26:20-29, Mark. 14:18, 22-25, Luk. 22:14-20 (vgl. vers 20, “hierdie beker”) en 1 Kor. 10:16,21. Oor die doop verduidelik die formuliere die suiwerheid van Christus se instelling soos bekendgemaak in sy Woord. (Vir 'n volledige verklaring van die gebruik van die sakramente in 'n Gereformeerde kerk, vgl. A. Kuyper se *Onze Eeredienst*, Amsterdam, 1911).

**3. Die kerklike tug handhaaf soos wat Christus dit ingestel het.** Dit is die derde merkteken van die ware kerk. Die tug is gegee “om die sondes te straf” (NGB, art 29) – dus om in liefde ook diegene te help, wat nie berou oor hulle sondes het nie. Dit gaan daaroor dat “almal hulle ooreenkomstig die suiwer Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken” (NGB, art. 29).

Die gemeente is ’n selfstandige kerk, soos die sewe kerke in Klein-Asië (Openb. 2 en 3). Die kerk op ’n bepaalde plek word nie oorheers deur ’n sinode of ’n ander organisasie of ’n kerkleier of ’n politieke party of wat ook al in die wêreld nie. Die valse kerk daarenteen “skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie ...” (NGB, art. 29).

Christus is “die enigste Hoof” wat die kerk regeer. Hy doen dit deur sy Woord en Gees en gebruik ouderlinge waaronder die bedienaar van die Woord.

# NAAM- EN SAAKREGISTER

Afskeiding – 73, 74, 75, 76, 77, 79, 108, 109  
Algemene (Kerk-)vergadering – 111, 113, 114, 115  
Ambrosius – 24  
Amsterdam, Klassis – 86, 87, 88, 92, 93, 94  
Anabaptiste – 62, 63  
Angola – 83, 84, 119, 122, 123  
Apokriewe boeke – 24, 41, 44  
Apologete – 24, 25  
Apostoliese Geloofsbelydenis – 24, 55  
Apostoliese vaders – 24, 25  
Arabië – 36  
Arckel, ds. Johan van – 86, 87  
Argentinië – 119, 121  
Arius – 26, 27, 29, 30  
Arminius – 64, 67  
Athanasius – 24, 26, 29, 30  
Aucamp, ds. A.L. – 121  
Augustinus – 23, 24, 26, 27, 28, 29, 83  
Augustus, keiser – 17

## B

Bartholomeüsnaam – 62, Belydenisskrifte (belydenis / geloofsbelydenis / confessio / consensus)  
– 9, 10, 13, 24, 27, 29, 41, 51, 55, 57, 58, 65, 66, 67, 73, 74, 75, 77-80, 86, 87, 88, 91-93, 95, 98-101, 103, 105, 108, 111, 113-115, 128, 130  
Belydenisse, Ekumeniese – 86  
Belydenis van Nicea – 27, 29

Bildderijk – 73  
Blandina – 19  
Boesmans (kyk San)  
Bouillon, Godfried van – 36  
Bolsec – 57  
Bos, ds. P. – 123, 127  
Brakel, à, Wilhelmus – 91  
Brès, Guido de – 65  
Broeder des Gemeenen Levens – 46, 47  
Bucer, Martin – 4, 47, 49, 51, 52, 55  
Bullinger, Heinrich – 47, 49, 51, 52, 57  
Buren, Idelette van – 55, 57  
Burgersdorp – 101, 115, 116, 117, 118  
Buys, ds. L.J. – 121  
Byzantium (Konstantinopel) – 27, 32, 36, 38, 40

## C

Cachet, ds. Frans Lion – 106  
Cachet, ds. Jan Lion – 106, 116, 117  
Calvyn – 4, 47, 51, 52, 54-60, 63, 129  
Chalcedon, Sinode – 27  
Christelike Gereformeerde Kerk(en) – 79, 109, 110, 125  
Clemens (van Alexandrië) – 24, 83  
Clemens Romanus – 24  
Coccejus – 68  
Colesberg – 101, 102, 106, 114, 115  
Coligny, admiraal Gaspard de – 62, 63  
Consensus Tigurinus – 57  
Cop, Nicolas – 54  
Cyprianus – 24, 83



## D

Da Costa – 73  
Decius, keiser – 19  
De Brès, Guido (kyk Brès, Guido de)  
De Bruyn, ds. F.R.P. (C-sn) – 121  
De Cock, ds. Hendrik – 73, 75, 76  
De Hoop (plaas) – 125  
De Mist, Goewerneur – 93, 95, 96, 97, 98, 99  
Deventer – 46  
Diaspora – 15  
Disruption – 75  
Doleansie – 77, 78, 79, 80  
Domitianus, keiser – 19  
Donatiste – 23, 35  
Doppers – 101-108 e.v.  
Dordrecht, (groot) Sinode van – 28, 64-70, 72, 75, 86, 92, 101, 105, 108, 114  
Dordtse Kerkorde – 65, 66, 69, 70, 75, 77, 78, 87, 92, 96, 99  
Dordtse Leerreëls – 64, 65, 66, 67  
Dorslandtrek(-kers) – 119, 122, 123  
Drie Formuliere van Enigheid – 65, 66, 67, 77, 78, 86, 101  
Du Plessis, prof. H. – 125  
Du Toit, prof. J.D. (Totius) – 28, 78, 116

## E

Ekklesia – 9  
Eldoret – 120  
Engelssprekende gemeente – 126, 127  
Erasmus, ds. J.F. – 125  
d'Espeville, Charles (skuilnaam van Calvyn) – 54  
Evangelisasie (kyk ook sending) – 126, 127

## F

Farel – 52, 55

Fariseërs – 15

Filioque – 39

Formulier (kyk Ondertekeningsformulier)  
Formuliergebede – 129  
Formuliere (vir sakramente) – 86, 129  
Frans I, koning – 62  
Franse Hugenote (kyk Hugenote)  
Franse Rewolusie – 68, 70, 92, 95  
Free Church of Scotland – (75), 126

Hendrik van Navarre, prins – 62

## G

Gansfort, Wessel – 46, 47  
Gebede – 86, 128, 129  
Geloofsbelydenis van Nicea (kyk  
Belydenis van Nicea)  
Genève – 54-59  
Gemeente – 3, 9, 10, 13, 15, 20, 31, 38,  
39, 55, 57, 58, 65, 69, 70, 73, 74, 79, 83,  
86-91, 93, 96, 98-100, 102, 106, 107, 109-  
111, 115-121, 123, 125-128, 130  
Gesangboek / gesange (vrye lied) – 69,  
73, 93, 94, 100, 102, 103, 106, 108, 110,  
111, 113, 114  
Gevoelsgodsdienst – 28, 92, 93, 99, 102  
Gnostiek – 22, 25  
Gomarus, prof. – 64  
Graaff-Reinet – 91, 102, 103, 113  
Granada – 36  
Gregorius I, pous (die Grote) – 43  
Gregorius VII, pous (Hildebrand) – 33  
Griekse filosofie – 14  
Griekse (Grieks-Ortodokse) kerk – 38  
Grobler, ds. Z.C. – 121  
Grote, Geert – 46

## H

Hammanskraalse Teologiese Skool – 125  
Heidelbergse Kategismus – 10, 41, 42, 51,  
57, 59, 65, 66  
Hellenbroek, Abraham – 91  
Hendrik II, koning – 62  
Hendrik IV, keiser – 33

Hervormde Kerk (Nederland) – 69, 73, 74, 77, 78

Hervormde Kerk (SA) – 95, 99, 104, 105-108, 114, 115

Hildebrand (kyk Gregorius VII, pous)

Hoffmann, Melchior – 63

Hugenote – 62, 63, 89-91

Humanisme – 68, 70

Humpata – 119, 123

Hus, Johannes (Jan) – 46

Konstantinopel (kyk Bysantium)

Konstantyn, keiser – 20, 31, 32

Kontrareformasie – 61

## I

Ignatius van Antiochië – 19, 24

Ignatius van Loyola – 61

Inkwisisie – 61, 63

Institusie – 54, 55, 58

Innocentius – 33

Irenaeus – 24

Islam – 34-37, 83

## J

Jesuiete-orde – 61, 63, 84

Judaïste – 22, 25

Justinus die Martelaar – 19, 24

## K

Kaapkolonie – 115

Kampen – 74

Kanonieke boeke – 24

Karel IX, koning – 62

Karoo – 101, 115

Kenia – 119-122

Kerk – 3, 4, 9 e.v.

Kerkgeskiedenis – 3, 4, 9 e.v.

Kerkstaat – 32

Knox, John – 47, 54, 58, 60

Kollegialisme – 96, 97, 99, 113, 114

Kommunisme – 39, 40

Koperstreek – 121  
Koptiese kerk – 83  
Koran – 35  
Kruistogte – 36, 37  
Kruger, Douw – 110  
Kruger, pres. Paul (S.J.P.) – 102, 106,  
107-110, 114, 123  
Kruger, diaken S.J. – 106, 108, 109, 114  
Kuyper, dr. Abraham – 77-80, 129

## L

Leo die Grote, pous – 32,  
Leo III, keiser – 36  
Liberalisme / liberale – 78, 95, 98, 102  
Lindley, eerwaarde – 104  
Lusaka – 121  
Luther, Martin – 4, 46, 47, 49-53, 91, 129  
Lydenburg – 115

## M

Magaliesbergers – 108, 110  
Manigeïsme – 23, 25  
Marcion – 23, 25  
Maria, moeder van Jesus – 43, 44, 61  
Maria, Bloedige – 58  
Melanchthon – 47, 49, 50  
Melito – 24  
Metodisme – 28, 92, 99, 102  
Middelburg (Kaap) – 101, 115  
Milaan, Edik van – 20  
Mistieke godsdiens – 68, 70  
Mohammed – 35, 36  
Montanisme – 23, 25  
Monument vir gesneuwelde teologiese  
studente – 120  
Mosambiek – 83, 84  
Moslems – 35, 37  
Müntzer, Thomas – 63  
Murray, ds. Andrew – 104

## N

Namibië – 119  
Nantes, Edik van – 62, 63  
Nederduits-Gereformeerde Kerk (kyk NG Kerk)  
Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) – 9, 10, 13, 51, 65, 66, 74, 75, 103, 113, 128, 130  
Nero – 19  
NGB (kyk Nederlandse Geloofsbelydenis)  
NG Kerk – 104-107, 110  
Nicea, Sinode van – 27  
Nicea, belydenis van (kyk Belydenis van Nicea)  
Nicea-Konstantinopel (kyk Belydenis van Nicea)

## O

Olevianus, Caspar – 57  
Ondertekeningformulier(-e) – 31, 77, 80, 86, 87  
Opperman, ds. P.J. – 121  
Oranjerivier – 101  
Origines – 24, 83

## P

Papias – 24  
Pella – 18  
Pelagius – 26-27, 29, 64  
Perpetua – 19  
Piëtisme – 92  
Pole – 58, 62  
Polycarpus – 19, 24, 83  
Potchefstroom – 3, 110, 116, 115, 120  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) – 78, 116, 118, 124  
Postma, ds. Dirk – 74, 75, 108-112, 114-116

Postma, ds. Dirk (jr.) – 119  
Postma, prof. Ferdinand – 78, 116

Potgieter, Hendrik – 102  
Pothinus – 19  
Pous – 24, 31-33, 36, 38, 41-47, 50, 52, 61  
Pretoria – 111, 115, 123, 125, 126  
Pretorius, president M.W. – 105  
Psalmboek (Psalms) – 27, 55, (59), 66,  
(69), 86, 90, 91, 93, 103, 116, 129  
PU vir CHO (kyk Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike Hoër  
Onderwys)

Schutte, ouderling P.J.W. – 110, 114  
Selote – 15

## Q

Que, gemeente van – 119

## R

Rasionalisme – 68, 70, 92  
Reddersburg – 115  
Remonstrante / Remonstrantisme – 28, 64,  
67  
Remonstrante, Vyf Artikels teen die (kyk  
Dordtse Leerreëls)  
Rhodesië (kyk Zimbabwe)  
Rome / Romeinse Ryk – 12-15, 17, 18, 19,  
24, 28  
Rome / Roomse Kerk – 24, 27, 31-33, 36,  
38, 40-42, 50, 61  
Romeinebrief – 55  
Roomse mis – 41, 42, 61  
Roomse sakramente – 42, 44  
Russies-Ortodokse Kerk – 38, 39  
Rustenburg – 74, 101, 105, 107-111, 114-  
116, 118  
Rutgers, F.L. – 77, 78

## S

Sadoletus, kardinaal – 55, 63  
Saduseërs – 15  
San (Boesmans) – 125  
Savonarola – 46

Semi-Pelagiane – 27-29  
 Sending – 37, 83-85, 98, 109, 123, 125-127, 129  
 Septuaginta – 15, 16  
 Servet – 57  
 Siloam – 125, 127  
 Simons, Menno – 63  
 Simond, ds. Pierre – 89, 90  
 Skeurvallei – 120  
 Skotse predikante \_ 99  
 Smit, Erasmus, eerwaarde – 104  
 Smith, goewerneur Harry – 104  
 Smytegelt, Bernardus – 91  
 Snyman, ouderling Philippus – 105, 107-110, 114  
 Soutpansberg – 123, 125  
 Spoelstra, prof. B. – 108  
 Staatskerk – 18, 20, 21, 32, 69, 87, 92, 105, 107, 108, 114  
 Statebybel – 65-67, 86, 91, 99, 101  
 Stellenbosch – 89, 90, 102  
 Steynsburg – 101  
 Straatsburg – 51, 54, 55  
 Suidwes-Afrika (kyk Namibië)

## T

Teologiese Skool Burgersdorp – 112, 116-118  
 Teologiese Skool Potchefstroom – 120  
 Tertullianus – 24, 83  
 Theodosius, keiser (die Grote) – 20  
 Theophilus – 24  
 Totius (kyk Du Toit, J.D.)  
 Tours – 36  
 Transvaal – 102, 104-110, 115, 119, 120, 123  
 Trente, Sinode / Konsilie van – 61, 63  
 Turke / Turkye – 35, 36, 121  
 Twaalf Artikels (kyk Apostoliese Geloofsbelydenis)

## U

Uitverkiesing – 27, 28, 64-66

## V

Vagevuur – 43, 44, 61,  
 Vandale – 83  
 Van den Berg, dr. W. – 77  
 Van der Hoff, ds. Dirk – 105, 106, 114  
 Van der Westhuizen, ds. P.J.W.S. - 125  
 Van Imhoff, goewerneur-generaal – 90  
 Van Leiden, Jan – 63  
 Vendaland / Vendas (sending) – 125  
 Venter, (waarnemende president) J.J. – 108, 109  
 Venter, P. – 108  
 Venterstad – 123  
 Viret – 52  
 Vrye Universiteit van Amsterdam – 78-80  
 Vrygemaakte Geref. Kerke – 125  
 Vrystaat – 102, 104, 109, 115

## W

Waldense – 45, 47  
 Waterberg (Nylstroom) – 115  
 Willem I, koning – 69, 70, 99  
 Wittenberg – 42, 49, 52, 53  
 Wyclif, John – 4, 45-48

## Z

Zambië – 121  
 Zimbabwe (Rhodesië) – 119, 121, 122  
 Zwingly, Huldrych – 47, 49, 51, 52